

# Mag en ideologie in die Afrikaanse vertaalgeskiedenis

Maricel Botha

---

Maricel Botha, Departement Tale, Kultuurstudies en Toegepaste Linguistiek,  
Universiteit van Johannesburg

---

## *Opsomming*

Die sosiologie van vertaling is 'n vertaalteoretiese vertakking wat 'n sosiaal gekontekstualiseerde perspektief op vertaling bied waarin die invloed van mag en ideologie op vertaling op die voorgrond tree. Die Suid-Afrikaanse samelewing se verwantskap deur die geskiedenis met uiterste sosiale ongelykhede en magstryde wat nou verbonde is aan kultuur en taal, bied 'n geskikte agtergrond waarteen vertaling se sosiale funksie ontbloot kan word. In ooreenstemming met hierdie doel bied hierdie artikel 'n ontleding van geskrewe Afrikaanse vertaling deur die geskiedenis. Sergey Tyulenev se toepassing van Niklas Luhmann se teorie van sosiale stelsels op vertaling word gebruik in 'n poging om Afrikaanse vertaling se weerspieëling van magsverhoudings en ideologieë te ontled. Onder hierdie teoretiese benadering funksioneer vertaling as 'n grensverskynsel wat kommunikasie op selektiewe wyse oor taalgrense dra. 'n Ontleding van hierdie seleksie- of filtrasieproses is dikwels weerspieëlend van magsverhoudings en ideologieë, omdat dit wat vir vertaling gekies word en die maniere waarop dit vertaal word, veral gemeet teen wat nie gekies is nie of uitgefiltreer word, aan magsongelykhede en dominante ideologieë gekoppel kan word. Die bespreking begin met vertaling uit Arabies in Maleis-Afrikaans en Afrikaanse Bybelvertaling in die 19de eeu, waar vertaling slegs kleinskaals gebruik is. Dit verander in die vroeë 20ste eeu, wanneer vertaling 'n ideologiese posisie in Afrikanerbemagtiging aanneem. Die strategiese gebruik van vertaling deur Afrikanernasionaliste is veral sterk onder die apartheidsbewind, maar word sedert die 1960's deur 'n liberale anti-apartheidsideologie teëgestaan, wat in versetvertaling manifesteer. Staatsadministratiewe vertaling neem af in die demokratiese era, maar literêre vertaling word steeds gebruik om die kulturele mag van die Afrikaanse taal te behou. Vertaalneigings dui egter op Eurosentrisme en 'n vertraging in transformasie. Die bespreking bewys dat vertaling nooit “onskuldig” of bloot funksioneel is nie, maar dikwels ideologiese doeleindes dien of as magsinstrument gebruik word.

**Trefwoorde:** Afrikaanse vertaalgeskiedenis; ideologie; Niklas Luhmann; mag; sosiologie van vertaling; teorie van sosiale stelsels; Sergey Tyulenev

### *Abstract*

#### **Power and ideology in the history of Afrikaans translation**

Especially since the 1980s, research has underscored that translation is much more than merely a functional activity involving the transfer of text or discourse from one language into another. Translation's cultural role and relationship with various social phenomena have been increasingly investigated since the so-called cultural turn in translation studies. More recently, the field of translation studies has even witnessed the integration of translation with sociology in the movement known as the sociology of translation (Wolf and Fukari (eds.) 2007) in which sociological theories and methodologies are applied to translation and it is investigated in broader contexts such as organisations, communities, literary systems, cultures and societies. Translation sociology has offered means for the macrocontextualisation of translation, which often means a break with text-bound approaches and a focus on metatextual factors such as the languages between which translation occurs, the position of languages as predominantly donor or receptor languages in translational contact, the frequency of translational communication, the types of texts that are chosen for translation, the general methods that are employed in translation, etc. Research at this level has allowed researchers to unveil asymmetrical transfer relationships in relation to translation and has focussed attention on the social formations which fundamentally underlie translation, as Michaela Wolf explains (2007:3). Power and ideology have become two important leitmotifs under this approach and similarly undergird the current article. Afrikaans translation trends are particularly expressive of the relationship of translation with power and ideology, since translation has been employed very strategically by opposing forces in power struggles and has served as a mechanism for the spread of various ideologies in its short history.

Niklas Luhmann's social systems theory (SST) provides the sociological framework within which Afrikaans translation trends are discussed in this article. The theory considers society as a network of communication within systems rather than as a collection of people. The emphasis on communication rather than on people was part of a deliberate intention to free sociology from a humanistic preoccupation in order to set it apart from other fields of study, but should not be understood as a devaluation of what is human. Humans are obviously a necessary prerequisite for communication and can be discussed within this approach, although not as the elements of society. The emphasis on communication makes the theory particularly applicable to language-oriented research. In Sergey Tyulenev's application of SST to translation, translation's function is compared to that of a semi-permeable membrane since it operates on the boundaries of systems and functions to mediate across intelligibility barriers between societies. In its operation on the boundaries of systems, translation extends the communicative range of particular systems or societies and selects and filters information under the influence of prevailing ideological stimuli. This application is adopted in the analysis of Afrikaans translation trends, although translation is seen to operate on boundaries both within South African society and between it and other societies. Various social functions of translation are observed through the application of SST, and matters such as nationalism and liberalism are tied to the operation of translation.

The article begins with a discussion of translation from Arabic into Malay Afrikaans and Bible translation during the 19th century. In the former case, the Muslim umma ideology, which expresses a sense of solidarity among Islamic communities worldwide, motivated the translation of Arabic texts into Afrikaans for use in Cape madari (Islamic religious schools). The early texts produced under this ideological motivation represent the first cases of written Afrikaans and the translation of religious texts served to link the formerly secluded Islamic slave community with Muslims across the world through religious education and thus offered a sense of belonging and a means of social empowerment. Translation in this case served as an educational supplement rather than a replacement of original texts, which is evident in translation's selectivity at the level of utterance. The late 19th century also saw the first translations of Bible books into Afrikaans inspired by emerging Afrikaner nationalist sentiments. The status of the Bible determined the selective function of translations, and early Biblical translations served to showcase the potential of the Afrikaans language to serve as a language of higher function, yet the ideological climate was not yet ripe for the acceptance of this idea until after the South African War. In this era, Afrikaans translations were generally scarce and the potential of translation as an instrument of power/ideological propagation was not yet realised to a significant degree.

This situation changed drastically at the beginning of the 20th century when translation began to assume an important role in the cultural empowerment of Afrikaners after their defeat in the South African War led to the need for unique cultural assertion. This was manifested in drastic increases in translation in prestigious domains such as religion, education, government administration, media and literature which accompanied the replacement of Dutch with Afrikaans as an official language in the Union. Under the nationalist stimulus prestige determined the selection of material for translation, especially in cultural domains such as literature and media, and esteemed Western texts penetrated the South African system for this reason. In the case of government administration, translation operated upon internal language barriers and reproduced material in English within the same system, allowing access and cultural acknowledgement simultaneously.

The strategic use of translation by Afrikaner nationalists continued far into the 20th century and was particularly prevalent under apartheid, where canonised and acclaimed Western literature was selected for importation into the South African system on a grand scale as a continued demonstration of the expressive ability of the Afrikaans language. Translation trends further indicate a shift in translational direction in government domains, with Afrikaans assuming the role of primary donor language in official translation across internal language barriers in the early 1960s, reflecting the language's "coming of age" as a higher-function language. The 1960s also saw significant literary exportation from Afrikaans for the first time under the influence of a liberal anti-apartheid ideology. Resistant Afrikaans literature produced mainly by the so-called Sestigers was translated into English and from English into several other languages to escape censorship and bans, and liberal ideological conditions in the main receptor systems (mainly Western Europe and Western Anglophone countries) determined their selection of this material in line with the negative publicity that apartheid brought. Translation was thus employed on both sides of an ideological power struggle which ended with democratisation.

Although Afrikaans translation experienced a significant reduction in public service in the democratic era, literary translation trends still indicate the Afrikaans language's retention of cultural status. Imported literature continues to supplement the Afrikaans literary canon and

---

there is still a market in international systems for translated Afrikaans literature despite the absence of a political stimulus. This indicates a normalisation in literary translation trends and the internationally acclaimed status of Afrikaans literature. However, Eurocentrism is evident in translation trends into Afrikaans, with European and English literature being selected while African literature is excluded by the semi-permeability of translation. This indicates a delay in ideological transformation. While Antjie Krog has spearheaded projects to foster transformation and reconciliation through translation, this has not yet influenced dominant translation trends.

Thus, by considering written Afrikaans translation trends broadly at a metatextual level throughout history with the emphasis on translation's selective boundary function, influenced by reigning ideologies and power relations, a socially contextualised perspective on Afrikaans translation is offered in this article. Translation is seen to operate as a boundary phenomenon by mediating communication across language barriers within or between societies and its selective function is shown to be ideologically telling by virtue of what makes the selection criteria versus what is filtered out. Luhmann's SST is tied to power relations and ideology by a focus on translation's selective function, and Tyulenev's metaphor of a semi-permeable membrane offers a useful instrument for the discussion of translation trends at the societal level in this regard. By employing the SST perspective, the article shows that written Afrikaans translation has been an important tool in the exercise of power and the reflection/spread of ideology and that translation in this case is neither innocent nor neutral. This unmasking of the role of translation as a social phenomenon is especially necessary in the South African context, where it might contribute to the expansion and establishment of translation studies locally.

**Keywords:** Afrikaans translation history; ideology; Niklas Luhmann; power; Sergey Tyulenev; social systems theory; sociology of translation

## 1. Inleiding

Daar word veral sedert die 1980's erken dat vertaling baie meer as bloot 'n funksionele aktiwiteit is wat die oordrag van teks of diskoers uit een taal in 'n ander taal behels. Vertaling se kulturele rol en verhouding met sosiale faktore is sedert die sogenaamde kulturele wending in die vertaalteorie toenemend onder die loep geneem en vertaling se sosiale funksie is beklemtoon. Die doel van hierdie artikel is om 'n oorsig van geskrewe vertaalaktiwiteite in en uit Afrikaans te bied waarin die bepalende rol van mag en ideologie, twee leitmotiewe binne die sosiale beskouing van vertaling, beklemtoon word. Hiermee word bevindinge bekendgemaak wat deel uitmaak van doktorale navorsing in toegepaste linguïstiek wat onlangs onderneem is. Hierdie navorsing het geskrewe vertaalaktiwiteite in verskeie Suid-Afrikaanse tale in die periode 1658 tot 2017 vanuit die perspektief van mag en ideologie ondersoek. Die aanneem van 'n baie breë perspektief op vertaling, wat nie net 'n lang periode dek nie, maar ook verskeie tale, is toegelaat deur die toepassing van 'n sosiologiese metodologie waarin die klem op die identifisering van strominge en tendense geplaas is eerder as op spesifieke tekstuele eienskappe van individuele tekste. Alhoewel algemene tekstuele eienskappe en vertaalmetodes wel tot 'n mate bespreek is, is metatekstuele faktore soos die tale waarin of -uit vertaling plaasvind, die hoeveelheid vertaling wat plaasvind in 'n spesifieke taalkombinasie, die soorte teks wat vertaal word en algemene motiverings vir vertaling in ag geneem om 'n breë en sosiaal gekontekstualiseerde perspektief toe te laat. Die toepassing van sosiologiese

teorieë in die studie van vertaling word in onlangse literatuur in die vertaalteorie bevorder as 'n manier om vertaling se rol as sosiale verskynsel, eerder as slegs linguistiese verskynsel, ten volle te ontbloot. In hierdie opsig lewer sosiologiese benaderings tot vertaling talle nuwe insigte in verband met vertaling se verhouding met mag en ideologie. Die fokus op Afrikaanse vertaling in hierdie artikel bied nie slegs 'n manier om 'n lywige stuk navorsing vir aanbieding in artikelformaat te verkort nie, maar Afrikaanse vertaalaktiwiteite is ook besonder insiggewend wat magsverhoudings en ideologie betref. 'n Fokus op Afrikaans bied dus die geleentheid om vertaling se weerspieëling van sosiale faktore op baie prominente wyse uit te beeld. Dit is omdat vertaling in die geval van Afrikaans deur die geskiedenis met tye baie strategies aangewend is om mag te verkry en te behou en om dominante ideologieë te bevorder of te beveg.

Nadat die verhouding tussen vertaling en sosiologie kortliks uiteengesit is en Sergey Tyulenev se toepassing van Niklas Luhmann se teorie van sosiale stelsels (TSS) asook die metodologiese benadering verduidelik is, sal geskrewe Afrikaanse vertaalaktiwiteite sedert die 19de eeu bespreek word volgens hulle verband met mag en ideologie soos in die opsomming uiteengesit. Die rol van vertaling as 'n grensverskynsel wat op selektiewe wyse in verband met heersende ideologieë funksioneer, word telkens uiteengesit.

## 2. Die sosiologie van vertaling

Veral sedert die sogenaamde kulturele wending in die vertaalteorie in die laat 1980's het 'n verandering in perspektief ten opsigte van vertaling plaasgevind. Hierdie verandering behels 'n skuif vanaf 'n begrip van vertaling as 'n funksionele taalaktiwiteit na 'n begrip van vertaling as 'n koppelpunt tussen kulture en samelewings wat te midde van ingewikkelde sosiale en politieke verhoudings funksioneer. Hierdie siening het taamlik onlangs gelei tot die ontwikkeling van 'n nuwe vertakking van die vertaalteorie wat bekend staan as die sosiologie van vertaling (Wolf en Fukari (reds.) 2007). Die sosiologie van vertaling streef daarna om vertaling in breër kontekste soos organisasies, gemeenskappe, literêre stelsels, kulture en samelewings te ondersoek en maak gebruik van sosiologiese benaderings om dit te doen. Dit bied met ander woorde moontlikhede vir 'n makrokontekstualisering van vertaling, wat dikwels 'n breuk met uitsluitlik teksgebonde benaderings behels. Hierdie wye perspektief op vertaling laat navorsers toe om asimmetriese oordragsverhoudings in verband met vertaling te ontbloot en fokus aandag op die sosiale formasies wat vertaling fundamenteel ondersteun, verduidelik Wolf (2007:3). Dit is nie moeilik om te sien hoe hierdie sosiale kontekstualisering van vertaling kwessies soos mag en ideologie en hulle verhouding met vertaling help uitlig nie. Verskeie sosiologiese teorieë is al op vertaling toegepas sedert die ontstaan van die sosiologie van vertaling, byvoorbeeld dié van Pierre Bourdieu, Bruno Latour en Niklas Luhmann.

In die navorsing waaruit hierdie artikel stam, is Niklas Luhmann se TSS gebruik, omdat dit een van die uitvoerigste sosiale teorieë is en omdat Luhmann se fokus op kommunikasie (wat baie breedweg verstaan word, en ook taalkommunikasie insluit) die teorie baie geskik maak vir toepassing op vertaling. Verder bied Sergey Tyulenev se toepassing van hierdie teorie op vertaling, wat die rol van vertaling met dié van 'n selektief deurlatende selmembraan vergelyk, 'n interessante en ietwat onkonvensionele instrument waarvolgens ideologie en magsverhoudings ontleed kan word.

## 2.1 Die teorie van sosiale stelsels

Daar moet as 'n tipe vrywaringsklousule genoem word dat Luhmann se TSS 'n verskriklik ingewikkelde teorie is en dat die omvang van hierdie artikel geensins 'n voldoende bespreking daarvan toelaat nie, veral omdat die doel is om 'n baie breë oorsig en ontleding van Afrikaanse vertaalaktiwiteite te bied. Daarom moet die volgende bespreking as 'n baie kort opsomming beskou word wat slegs sekere elemente van die teorie uiteensit om ontleding binne die beperkings van 'n artikel toe te laat.

Die eerste belangrike eienskap van Luhmann se TSS is dat dit 'n stelselteorie is. Dit beteken dat stelsels die struktuur bied waarvolgens die samelewing se werking vertolk word. Stelselteorieë word dikwels in sosiologiese studies in die vertaalkunde gebruik, want vertalings word altyd implisiet of eksplisiet met groter strukture gekoppel en stelsels bied een manier om hierdie strukture te konseptualiseer (Tyulenev 2014:164). Die belang van stelsels sal verder onder die beskrywing van outopoiëse en in die metodologiebespreking genoem word en dit is voldoende om slegs die strukturele belang van stelsels in TSS hier te erken.

Tweedens is 'n belangrike beginsel van TSS dat mense nie deel is van die samelewing nie. Volgens Luhmann (1995:48) word die samelewing uit kommunikasie saamgestel – Luhmann is trouens van mening dat die samelewing kommunikasie *is*. Luhmann se argument is dat die samelewing nie verander met elke geboorte of sterfte nie en dat dit wat sosiale eienskappe bepaal, dus nie mense is nie – ten minste nie direk nie (Luhmann 2012:7). Luhmann meen dat die samelewing sonder kommunikasie in die vorm van woorde, tekens en handeling nie as een gesamentlike entiteit beskou kan word nie en dat die sosiale element van die samelewing uit kommunikasie voortspruit. Mense is 'n nodige vereiste vir kommunikasie, maar mense bestaan as biologiese en psigiese wesens buite die samelewing. Hierdie skeiding van mense en die samelewing moet nie as minagting van mense beskou word nie (Luhmann 2012:12), maar eerder as 'n poging om psigiese en sosiale verskynsels van mekaar te skei en sodoende die sosiologiese ondersoekveld af te baken. Die samelewing bestaan dus in Luhmann se siening uit kommunikasie en hierdie kommunikasie bestaan binne die raamwerk van stelsels.

Luhmann (2012) verduidelik dat die vorm en eienskappe van die samelewing met die verloop van tyd verander en hy beskryf verskillende stadia in die ontwikkeling van die samelewing op grond van die manier waarop kommunikasie (in 'n baie breë sin) in terme van stelsels waargeneem kan word. Hierdie stelselmodelle kan ook oorvleuel en op verskillende maniere gelyktydig bestaan (Seidl 2004:13). Die samelewing het volgens Luhmann oorspronklik bestaan uit gelyke substelsels wat deur familie- en stamstrukture bepaal is. Hierdie stadium word deur segmentasie gekenmerk omdat die stelsels gelyk in rang is. Luhmann beskryf ook 'n stadium waar sosiale klasse ontwikkel het, waarvan die leenregtelike stelsel van Middeleeuse Europa die beste voorbeeld is. Die moderne era word deur funksionele differensiering gekenmerk waar die samelewing onder andere<sup>1</sup> uit funksiestelsels bestaan wat elkeen 'n unieke funksie vir die samelewing verrig. Funksies soos die ekonomie, die reg en die politiek vorm hier die basis waarop die samelewing funksioneer (kommunikeer) eerder as klonderskeide of ander verskille.

Die funksionele differensiering van die moderne tydperk bied 'n maklike manier om 'n kernaspek van Luhmann se teorie, outopoiëse, te verduidelik. *Outopoiëse* verwys na selfskepping of selfproduksie en is 'n term wat deur Luhmann aan die biologie ontleen is. Die maklikste manier om dit te verduidelik is daarom om van 'n biologiese voorbeeld gebruik te

maak, wat in hierdie geval van Seidl (2004:2–3) afkomstig is (Luhmann self gebruik selde voorbeelde). Volgens Seidl is 'n sel 'n voorbeeld van 'n outopoiëtiese stelsel omdat die sel sy eie elemente soos proteïene en vette produseer eerder as om hulle direk uit die omgewing in te neem. Alhoewel die sel op die omgewing staatmaak vir energie en ander materie, word die sel nie direk deur die omgewing gevorm nie. Op soortgelyke wyse, verduidelik Seidl, maak sosiale stelsels staat op hulle eie outopoiëse in hulle interaksies met mekaar. Die stelsel bepaal alle interaksies met die omgewing en uiterlike gebeure bepaal die funksies van die stelsel nooit direk nie, alhoewel hulle indirek aanleiding tot sekere soorte gedrag mag gee. Die beste manier om die toepassing van hierdie beginsel op die samelewing te verstaan is om na die werking van funksiestelsels te kyk in verband met hulle sogenaamde binêre kodes. Die binêre kode van 'n stelsel is eenvoudig 'n samevatting van die funksie van daardie stelsel in twee teenoorgestelde begrippe wat die funksie van die stelsel in verband met die samelewing verduidelik. Die kode vir die regstelsel is byvoorbeeld wettig teenoor onwettig en die kode vir die wetenskapstelsel is waar teenoor onwaar (Tyulenev 2014:163). Alhoewel die verskillende funksiestelsels in die moderne samelewing mekaar stimuleer, kan die stelsels slegs deur middel van hulle eie binêre kodes op hierdie stimulanse reageer. Die politieke stelsel beïnvloed byvoorbeeld die regstelsel van 'n samelewing, maar die regstelsel kan slegs op 'n manier wat met wettigheid en onwettigheid te make het, reageer (Tyulenev 2014:163). Die selfproduksie van die stelsel geskied deur middel van kommunikasie rondom die binêre kode en die stelsel bestaan in die aanhoudende aaneenskakeling van herkenbare kommunikatiewe sekvensies oor tyd (Hermans 2007:113). Op hierdie manier voer die stelsel sy outopoiëse deur middel van kommunikasie uit.

Luhmann het dus 'n unieke siening van die funksionering van die samelewing wat sterk struktuurgerig eerder as mensgerig is. Alhoewel die rol van menslike toedoen nie beklemtoon word onder so 'n benadering nie, kan mense in hulle funksie as kommunikasieproduseerders buite die samelewing (eerder as komponente van die samelewing) natuurlik steeds bespreek word.

Alhoewel Luhmann se model op kommunikasie gebaseer is, het hy dit nie self op vertaling toegepas nie. Dit is deur verskeie vertaalkundiges, onder andere Theo Hermans, Hans Vermeer en Sergey Tyulenev, gedoen. Hier word Tyulenev se toepassing gebruik, omdat hy fokus op vertaling as 'n substelsel van die samelewing eerder as bloot 'n stelsel. Tyulenev fokus dus op vertaling se rol binne die konteks van die hele samelewing. Sy toepassing bied ook 'n uitstekende manier om vertaling se bemiddelingsfunksie binne die konteks van geopolities gedefinieerde samelewings te ontleed.

## ***2.2 Vertaling as 'n grensverskynsel***

Theo Hermans (2007) het die eerste uitvoerige bespreking van vertaling se eienskappe as 'n stelsel volgens TSS gebied en Tyulenev stem tot 'n groot mate met hierdie beskrywing saam, maar beklemtoon vertaling se rol as 'n substelsel van die samelewing (as die oorkoepelende stelsel). Alhoewel Tyulenev vertaling as 'n outopoiëtiese stelsel beskryf, beweer hy nooit dat vertaling 'n funksiestelsel soos die politiek of die ekonomie is nie. Daar is egter niks wat so 'n toepassing verhinder nie, aangesien vertaling 'n unieke funksie vir die samelewing verrig en as 'n stelsel beskryf kan word. Volgens Hermans (2007:67) is vertaling se sosiale funksie om die samelewing se kommunikatiewe perke oor taalgrense uit te brei. Tyulenev (2009:150) verduidelik vertaling se rol op soortgelyke wyse as een van die maniere waarop 'n samelewing na sy perke tas. Tyulenev (2012a:162) beskryf die binêre kode van die vertaalstelsel as

bemiddeling teenoor niebemiddeling, en hierdie bemiddeling word in hierdie artikel in die taalkundige sin verstaan, alhoewel dit ook intersemioties verstaan kan word. Volgens Tyulenev vind bemiddeling oor taalgrense plaas en laat dit samelewings toe om met ander samelewings in die omgewing te kommunikeer. Tyulenev se beskouing van taalgrense as kommunikasieperke rondom samelewings weerspieël die hoofsaaklik eentalige konteks van sy toepassing van TSS, naamlik Rusland se vertaalhandelinge met Wes-Europa tydens die 18de eeu (Tyulenev 2012b). In multitalige kontekste kan vertaling natuurlik ook oor taalgrense binne samelewings plaasvind.

Volgens Tyulenev (2009:156) is die elemente van die vertaalstelsel (met ander woorde dit waaruit die stelsel bestaan) vertalings, maar ook ander verskynsels wat met sosiale diskoers te make het, soos ideologeme, of uitdrukkings van ideologie (vgl. Bakhtin 1981:429). Deur vertalings te bestudeer in terme van die ideologieë wat hulle as ideologeme uitdruk, kan ideologie dus met vertaling verbind word. Hierdie ideologeme manifesteer nie slegs op die vlak van woorde en vertaalmetodes nie. Soos daar in die inleiding genoem is, kan metatekstuele verskynsels, soos die tale waarin of -uit daar vertaal word, die hoeveelheid vertaling wat plaasvind, die genres wat vertaal word en vertaalmotiverings, ook ideologieë uitdruk en dus ideologemies ontleed word. Op hierdie manier kan vertalings of vertaaltendense grootskaals op die maatskaplike vlak ontleed word.

Aangesien vertaling oor taalgrense funksioneer, beskryf Tyulenev (2009) vertaling as 'n grensverskynsel en vergelyk hy dit meer spesifiek met 'n selektief deurlatende selmembraan. Dit is veral hierdie aspek van Tyulenev se toepassing van TSS wat in hierdie artikel van belang is. As 'n grensverskynsel of "membraan" funksioneer vertaling deur inligting uit die omgewing van 'n stelsel (hetsy 'n samelewing, 'n spesifieke funksiestelsel of enige ander stelsel) in te neem en dit te bemiddel volgens die eienskappe (insluitend die heersende ideologiese kenmerke) van 'n spesifieke samelewing of stelsel. Die seleksieproses word deur Tyulenev beklemtoon en berus op Luhmann se kommunikasiemodel wat seleksieprosesse op die vlakke van inligting, uitdrukking en begrip identifiseer (Seidl 2004:7). *Inligting* behels 'n keuse uit 'n reeks moontlikhede – 'n keuse van wat gekommunikeer wil word uit alles wat gekommunikeer kan word. *Uitdrukking* verwys na die keuses wat verband hou met die manier waarop iets gekommunikeer word; en *begrip* dui op die keuse van 'n spesifieke interpretasie uit alle moontlike interpretasies. Deur te kyk na watter inligting vir intertalige bemiddeling gekies word en na hoe daardie inligting uitgedruk en vertolk word, kan waardevolle inligting rakende die sosiale aard van vertaling opgelewer word. Elkeen van die stadia in die kommunikasieproses kan dus in terme van ideologeme vertolk word. Op die metatekstuele vlak kan kommunikasie op elkeen van hierdie vlakke vertolk word in terme van seleksietendense op hierdie vlakke.

Die voorgaande beskrywings van vertaling se seleksieprosesse en vermoë om ideologieë uit te druk, hou ook verband met vertaling se potensiaal om magsverhoudings uit te druk. Luhmann verstaan mag as 'n sekere party se vermoë om die aksie moontlikhede van 'n ander party te beperk en sy eie aksie moontlikhede uit te brei, en vanuit 'n linguïstiese perspektief kan dit ontleed word deur oorheersing van kommunikasie te ontleed. In terme van geskrewe vertaling kan daar gekyk word na partye se beheer oor die skepping van vertaalde tekste en hulle seleksiepatrone in die vertaalde kommunikasie waaroor hulle beheer het (m.a.w. ideologemiese tendense wat daardie partye se magsverwante doeleindes ondersteun of die aksie- of kommunikatiewe moontlikhede van ander partye onderdruk). Magsuitoefening moet egter nie net in terme van 'n tipe oorheersing of onderdrukking verstaan word nie. Luhmann sien mag



nie as iets wat slegs dominante partye besit nie, maar beklemtoon dat sosiale oorheersers en onderdane beide magsbesitters is namate hulle die aksiemoontlikhede van die ander party kan beperk (Segre 2014:195). Magsverhoudings kan dus na aanleiding van beide die beheer van vertaling deur entiteite en ideologeme (waar vertaling se selektiewe funksie as grensverskynsel weer van toepassing is) bespreek word. Verder kan die erkenning van die gelyktydige bestaan van beide funksioneel gedifferensieerde en hiërargiese strukture, soos wat in die geval van die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan, vertaling se uitdrukking en bevordering van magsverhoudings met sosiale ongelykhede koppel. Die interpretasie van mag onder TSS wat hier verduidelik is, word nie direk deur Tyulenev beskryf nie, maar word ondersteun deur sy beskrywing van vertaling se funksie as 'n grensverskynsel.

Tyulenev se toepassing van TSS kan in heelwat meer besonderhede verduidelik word, maar hierdie kort uiteensetting is genoeg om 'n ontleding van Afrikaanse vertaalneigings, veral in verband met seleksieprosesse op die inligtingsvlak, te bied. Die spesifieke manier waarop dit sal geskied, word vervolgens verduidelik.

### 3. Metodologie

Stelselteoretiese benaderings gaan gewoonlik gepaard met 'n metodologie wat holisties is en op kompleksiteitsvermindering<sup>2</sup> konsentreer (Salevsky en Müller 2011). Kompleksiteitsvermindering kan trouens as die hoofdoel van stelselteorieë gesien word. Iets so breed en ingewikkeld soos Afrikaanse vertaalhandelinge deur die geskiedenis kan dus juis om hierdie rede by stelselteoretiese benaderings baat. Kompleksiteitsvermindering impliseer dat vertaalaktiwiteite nie in besonderhede bespreek word nie, maar dat patrone in verband met gehele oorweeg word. Salevsky en Müller (2011:63) verduidelik dat patroonidentifisering staatmaak op die uitlig van belangrike skakels tussen data eerder as op gedetailleerde bespreking van elemente. Die doel is dus om strominge, tendense, ontwikkelings en tipiese en ongewone vertaalgedrag te identifiseer in ooreenstemming met mag en ideologie.

Patroonidentifisering impliseer 'n kwantitatiewe komponent, terwyl die ontleding en geskiedkundige kontekstualisering daarvan kwalitatief van aard is. Wat die kwantitatiewe komponent betref, is daar in die navorsing hoofsaaklik van bibliografieë gebruik gemaak om inligting te verkry, alhoewel akademiese artikels en boeke ook aanvullend gebruik is. Vir vroeë vertalings (tot 1925) is Mendelssohn se *A South African bibliography* (1979) hoofsaaklik gebruik om die aantal en soorte vertaalde tekste in of uit Afrikaans te identifiseer. Barend Toerien se *Afrikaans literature in translation: A bibliography* (1998) bied ook waardevolle inligting oor latere vertalings. Verder bevat *The Oxford guide to literature in English translation* (2000) 'n gedeelte wat Afrikaanse vertalings in Engels bespreek. Die nuttigste bibliografiese inligtingsbron is egter Unesco se Index Translationum. Statistiese inligting kan maklik op hierdie aanlyn databasis gesoek word en hierdie bron is veral vir meer onlangse vertaalstatistieke gebruik. World Cat se "Identities"-funksie kan op soortgelyke wyse as die Index Translationum benut word om statistiese inligting oor spesifieke skrywers te soek, alhoewel dit nie gesofistikeerde soekopsies het nie. Laastens is die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika se aanlyn katalogus oop vir die publiek, en skrywers en titels (insluitende vertaalde titels) kan op hierdie baie omvattende databasis opgesoek word.

Wat die kwalitatiewe aspek betref, is daar van verskeie geskiedenisbronne en akademiese artikels uit die vertaalkunde en verwante vakgebiede gebruik gemaak om die sogenaamde argeologiese vertaalinligting te verkry. In sy *Method in translation history* (2014) tref Anthony Pym 'n onderskeid tussen die geskiedkundige en analitiese komponente van geskiedkundige navorsing in die vertaalkunde deur gebruik te maak van die terme *archaeology*, *criticism* en *explanation*, oftewel *argeologie*, *kritiek* en *verklaring*. Die argeologiese komponent beantwoord die vrae: wie, wat, waar, wanneer, vir wie en met watter effek? Die ander twee gedeeltes sluit dan die ontleding van daardie inligting in. Die ontleding volg in hierdie geval ten opsigte van ontleding nie Pym se voorstelle nie, maar maak staat op die beginsels van TSS. Tyulenev se voorstelle vir metavlaknavorsing word gevolg, soos onder die vorige opskrif verduidelik, terwyl die aanbieding van die ontleding Tyulenev (2009) en Hermans (2007) se voorbeelde volg. In hulle onderskeie toepassings van TSS op geskiedkundige vertaaltendense maak hulle gebruik van 'n metode wat as 'n narratiewe stelselanalitiese metode beskryf kan word, waar sistemiese verhoudings op narratiewe wyse ontleed word in verband met geskiedkundige beskrywings eerder as om grafies bepaal of gekarteer te word. Alhoewel kwantitatiewe inligting dus gebruik is om tendense te bepaal, word dit nie noodwendig grafies uitgedruk of ontleed nie en vind die ontleding deur middel van bespreking in verband met geskiedkundige beskrywings plaas.

#### 4. 'n Ontleding van Afrikaanse vertaalaktiwiteite volgens TSS

Voordat geskrewe Afrikaanse vertaaltendense volgens geskiedkundige periodes ontleed word, is 'n kort beskrywing van die Suid-Afrikaanse samelewing op grond van TSS nodig.

Daar is genoem dat Luhmann verskillende fases in die ontwikkeling van die samelewing identifiseer. Die Suid-Afrikaanse konteks is in hierdie verband interessant, omdat verskillende sosiale stelsels weens koloniserings aanvanklik tegelykertyd bestaan het en nie oor 'n lang tydperk ontwikkel het soos in Europa nie. Europese samelewings het reeds tydens die koloniale tydperk funksionele differensiering getoon, terwyl inheemse Suid-Afrikaanse kulture hoofsaaklik deur segmentasie gekenmerk is. Kommunikasie tussen Europeërs en inheemse mense kan dus aanvanklik as kommunikasie tussen verskillende tipes samelewing beskou word. Soos kolonialisering toegeneem het, het funksionele differensiering egter ook toegeneem en ná die ontdekking van goud en diamante teen die einde van die 19de eeu het dit eksponensieel toegeneem. Teen Uniewording in 1910 het funksionele differensiering inheemse kommunikasiestrukture grotendeels vervang. Die vereniging van die kolonies en republieke in een geopolities gedefinieerde samelewing het dus min of meer ooreengestem met die dominansie van funksioneel gedifferensieerde kommunikasiestrukture. 'n Sekondêre sosiale struktuur wat gekenmerk word deur klasse- en rassehiërargie is egter ook waarneembaar, wat as bestaande binne die funksioneel gedifferensieerde struktuur beskou kan word. Die feit dat minstens twee soorte samelewing in die vroeë koloniale tydperk binne dieselfde gebied bestaan het, het hoofsaaklik betrekking op vroeë vertaling tussen die koloniale tale (hoofsaaklik Engels en Nederlands) en die inheemse tale en beïnvloed Afrikaanse vertaling nie werklik nie. Wat Afrikaanse vertaling betref, het vertaling aanvanklik in 'n ontwikkelende fase van 'n funksioneel gedifferensieerde koloniale samelewing plaasgevind, ook in die geval van Maleis-Afrikaanse vertaling, aangesien die Maleiers as (bevryde) slawe deel van hierdie stelsel was. Later het Afrikaanse vertaling binne 'n industrieel ontwikkelde funksioneel gedifferensieerde samelewing plaasgevind. In albei gevalle is 'n sekondêre hiërargiese struktuur waarneembaar.

Die grootste gedeelte van die bespreking speel dus af binne die laasgenoemde sosiale struktuur, maar die oorgang tussen 'n ontwikkelende en ontwikkelde stadium van hierdie samelewing word nie beklemtoon nie.

Die verskillende grade van funksionele differensiering het 'n invloed op die status van vertaling as 'n funksiestelsel. Vertaling se outopoiëtiese funksie was aanvanklik nie tot 'n groot mate ontwikkel nie, maar het verfynd namate die samelewing ontwikkel het. Om hierdie rede kan vertaling werklik eers in die 20ste eeu as 'n funksiestelsel beskryf word, maar vertaling se status as 'n outopoiëtiese stelsel sal nie in hierdie artikel bespreek word nie en kennisname hiervan is voldoende vir die doeleindes van hierdie artikel.

Wat taalgrense betref, is die situasie nie so eenvoudig soos in Tyulenev se beskrywing nie, aangesien vertaling op grense binne en rondom die Suid-Afrikaanse samelewing plaasvind. In die ontleding wat volg, sal die ligging van interne taalgrense in verband met ander sosiale eienskappe telkens bespreek word. Hierdie taalgrense sal net binne die konteks van geskrewe kommunikasie bespreek word en sal nie die ligging van gesproke taalgrense in ag probeer neem nie.

#### *4.1. Vertaling in die “kombuistaal”-era (ca. 1830–1902)*

Soos daar in die inleiding genoem is, het Afrikaanse vertaling in die 19de eeu begin met vertalings uit Arabies in Maleis-Afrikaans. Vertaling het in hierdie geval in 'n ontwikkelende fase van die funksioneel gedifferensieerde koloniale samelewing plaasgevind en is deur die religieuse funksiestelsel gemotiveer. Dit beteken dat vertaling 'n posisie op die rand van die religieuse stelsel ingeneem het, maar omdat vertaling in hierdie geval kommunikasie met ander samelewings toegelaat het, het vertaling tegelykertyd op die grens van die hele samelewing gefunksioneer. Die religieuse funksiestelsel het onder die invloed van Islamitiese ideologie van vertaling gebruik gemaak om kommunikasie met ander Islamitiese samelewings in die omgewing te bewerkstellig. In hierdie sin verskil die vroeë geskiedenis van Afrikaanse vertaling van die vroeë geskiedenis van vertaling in die Bantoetale,<sup>3</sup> wat met Bybelvertaling begin het. Die religieuse funksiestelsel het egter in beide gevalle die motivering vir vertaling verskaf. Religieuse (en gepaardgaande opvoedkundige) motiverings was in albei gevalle aanvanklik die enigste stimulasie vir vertaling, omdat rassehiërargie en armoede ander algemene motiverings vir geskrewe vertaling in hierdie tale heeltemal gehinder verhoed het. Daar was om hierdie redes aanvanklik geen “sekulêre” motiverings vir vertaling nie.

Die Koran bied oor die algemeen meer weerstand teen vertaling as die Bybel, omdat die oorspronklike taal van die Koran, Arabies, as heilig gesien word. Ten spyte hiervan het vertaling van dele van die Koran en Moslem-geestelike materiaal gedurende die 19de en vroeë 20ste eeu in Maleis-Afrikaans plaasgevind. Dit is interessant dat die Afrikaans waarin vertaling in hierdie gevalle plaasgevind het, van die Arabiese alfabet gebruik gemaak het. Die Maleise slawe wat Islam na die Kaap gebring het, was bekend met die Arabiese skrif, wat hulle gebruik het om die Maleise taal te skryf, maar hulle het nie Arabies geken nie. Toe die eerste Moslem-skool of madrassa in 1793 oopgemaak is in Dorpstraat, Kaapstad, is Maleis as onderrigtaal gebruik en het vertaling uit Arabies in Maleis plaasgevind (Loimeier 2013:256). Teen die middel van die 19de eeu is daar egter in die talle madrassas wat intussen gestig is, na Afrikaans oorgeskakel omdat Afrikaans, of Kaaps-Hollands soos dit toe bekend was, die huistaal van die meeste Kaaps-Maleiers geword het. Hiervoor is die Arabiese skrif ook eenvoudig oorgeneem, omdat dit reeds bekend was en omdat Afrikaans geen amptelike

geskrewe vorm besit het nie. Die direkte doel van vertaling in hierdie geval was om die Arabiese tekste wat die madrassaleerplan uitgemaak het, toeganklik te maak, maar daar was ook breër sosiale motiverings wat later bespreek sal word.

Volgens 'n opname deur Muhammed Haron (2001) het daar om en by die tyd waarin sy artikel gepubliseer is, 74 Afrikaanse tekste in Arabiese skrif bestaan, wat almal tussen 1856 en 1957 verskyn het. Daar is ook bewyse van 'n teks, *Hidayat al-Islam*, wat glo al in 1830 verskyn het (Van Selms 1951:16). Verder is daar bewyse van sogenaamde kopiesboeke wat voor 1845 geproduseer is (Davids 1991:109). Dit is moeilik om vas te stel hoeveel van hierdie tekste vertalings is en hoeveel oorspronklik in Maleis-Afrikaans geskryf is. Dit is ook moeilik om te bepaal hoeveel van die vermoedelik oorspronklike tekste in Maleis-Afrikaans gedeeltelik van vertaling gebruik maak. Davids (1991:2) glo dat die eerste erkende publikasie in Maleis-Afrikaans Ahmad al-Ishmini se *Kitab al-Qawl al-Matin* (1856), wat ook die eerste amptelik erkende boek in die Afrikaanse taal is, 'n vertaling deur Abu-Bakr Abdurauf is. Waarskynlik die bekendste van die Afrikaanse tekste in Arabiese skrif, die *Bayan al-Din* (1877) deur Abu-Bakr Effendi, is nóg heeltemal oorspronklik nóg heeltemal vertaal. Dangor (2008:129) beskryf hierdie teks as 'n parafrasering van 'n teks met die titel *Madhhab*. Van Selms lys 10 Afrikaanse tekste in die Arabiese skrif, waarvan hy agt as vertalings identifiseer, insluitende die *Bayan al-Din* (Van Selms 1951:19). Hierdie tekste, wat hoofsaaklik in die laat 1800's en vroeë 1900's verskyn het en deur buitelandse leraars vertaal is, behandel geestelike opvoeding, insluitende die verduideliking van krite, rituele, goeie gedrag en Arabiese uitspraak. Die vertalers was hoofsaaklik Midde-Oosterse en Noord-Afrikaanse teoloë wat almal, soms verbasend vinnig, in die Kaap Afrikaans geleer het. Die bekendste vertalers het uit Irak (Mohammad al-Iraqi), Egipte (Isma'il Hanif) en Turkye (Abu-Bakr Effendi) gestam (Haran 2001:10). Buiten die vertalings wat Van Selms noem (en waarskynlik ander tekste wat gedeeltelik uit vertaling bestaan), het vertalings van stukke van die Koran ook sedert 1880 in Afrikaans plaasgevind, toe die hoofstuk "Surah-al-Mulk" in Afrikaans vertaal is deur Ghatiep Mahmood (Retief 1993). Die hele Koran is egter eers in 1958 in Afrikaans vertaal, deur Armien Baker, en die vertraging kan toegeskryf word aan die heiligheid van die Arabiese taal in Moslem-teologie. Vertaling uit Arabies in Maleis-Afrikaans het dus nie in groot hoeveelhede plaasgevind nie, maar hierdie vertalings is belangrik, omdat die oudste Arabies-Afrikaanse vertalings die eerste gevalle van geskrewe vertaling in Afrikaans verteenwoordig.

Wat ideologie betref, is daar genoem dat vertaling in hierdie geval as gevolg van 'n geestelik-opvoedkundige motivering onderneem is. Hoekom sou buitelandse teoloë hulle egter met die geestelike opvoeding van Kaapse Moslems bemoei tot die mate dat Afrikaanse vertalings geskep is? Sindre Bangstad (2007:41) verduidelik dat vroeë Kaapse Moslems taamlik geïsoleerd was van ander Moslems oor die wêreld, maar dat hulle tog bewus was daarvan dat hulle tot 'n internasionale pan-Islamitiese *umma* (gemeenskap van Moslems) behoort. *Umma* (ook soms *ummah*) verwys nie net na die internasionale Moslem-gemeenskap nie, maar ook na die gemeenskapsbeginsel (m.a.w. 'n ideologie) wat Moslems oor die hele wêreld met mekaar verbind. Sterker deelname aan die internasionale Moslem-gemeenskap is in die middel van die 19de eeu moontlik gemaak deur die gebruik van stoomskepe (Bangstad 2007:41) en dit is nie verbasend dat die periode van Arabies-Afrikaanse vertaling ooreenstem met hierdie periode van toenemende kontak met die internasionale Moslem-gemeenskap nie. Vertaling het sonder twyfel deelname aan hierdie gemeenskap moontlik gemaak en *umma* het dus die ideologiese motivering vir vertaling gebied.

Wat mag betref, was vertaling en die gepaardgaande religieuse opvoeding wat dit meebring het, bemagtigend hoofsaaklik in die sin dat dit vir Kaapse Moslems gemeenskap en 'n gevoel van samehorigheid en erkenning gebied het, veral in 'n konteks van sosiale onderdrukking binne die koloniale samelewing. Opvoeding en geletterdheid, hetsy geestelik of sekulêr, is verder ook prakties bemagtigend, maar vertaling het 'n meer direkte rol in die eersgenoemde soort bemagtiging gespeel.

Wanneer hierdie gebeure vanuit 'n TSS-perspektief ontleed word, is die seleksie van vertaling op die inligtingsvlak voor die hand liggend. Opvoedkundige religieuse tekste wat deel uitmaak van die madrassaleerplan is geselekteer en uit die omgewing ingeneem om te voorsien in 'n opvoedkundige behoefte in die inisiërende stelsel wat deur 'n Islamitiese eenheidsbeginsel, die umma-ideologie, gestimuleer is. Die religieuse stelsel het in hierdie geval sy outopoiëse uitgevoer deur die kompleksiteit van die omgewing binne sy grense te kopieer, en die tekskeuses se ideologiese funksie is ondubbelsinnig.

In hierdie geval is keuses op die uitdrukkingsvlak ideologies interessanter, veral wanneer hulle met algemene uitdrukkingskeuses in Bybelvertaling gekontrasteer word. In teenstelling met die Bybelvertalings wat in hierdie tyd veral in die Bantoetale plaasgevind het, was die doel van Koraniese vertalings nie om die oorspronklike teks te vervang nie. Daarom is vertalings van dele van die Koran, asook soms vertalings van die tekste wat vroeër bespreek is, deur die oorspronklike Arabiese teksgedeelte vergesel. Van Selms (1951:21) noem dat die oorspronklike teks op hierdie manier sy gesag behou het en verduidelik: “[D]ie blik van die leser is veronderstel om elke oomblik van die Afrikaanse teks na die Arabiese teks terug te gaan. Die vertaling, so sou mens die bedoeling kan interpreteer, mag geen eie lewe kry nie.” Die status van die oorspronklike Arabiese tekste is op hierdie vlak ideologies gemanifesteer ook in die volop gebruik van leenwoorde. Volgens Van Selms (1951:21) is die aantal leenwoorde in een kategismus wat deur hom ontleed is, so volop, veral by die beskrywing van die karaktereenskappe van Allah, dat mens die doel van die vertaling byna bevraagteken. Die ondergeskikte, verduidelikende funksie van vertaling is hier dus 'n uitdrukking van die status van die Arabiese Koran in ooreenstemming met Islamitiese teologie, en hierdie vertaalmetode dien dus 'n ideologiese funksie in hierdie verband.

Buiten vertaling uit Arabies in Afrikaans het 'n paar pogings tot Bybelvertaling in Afrikaans in die laat 19de eeu plaasgevind, gemotiveer deur die Genootskap van Regte Afrikaners (G.R.A.) se begeerte om Afrikaans as 'n geskrewe taal te bevorder. Hierdie taalaktiviste was pioniers van Afrikanernasionalisme, maar die ideologiese klimaat in die samelewing was voor die einde van die Boereoorlog nog nie ryp vir die aanvaarding van hulle idees nie. Gedurende die 19de eeu het wit Afrikaanssprekendes oor die algemeen geen rede gesien om Nederlands in geskrewe kontekste met Afrikaans te vervang nie weens die prestige waaroor Nederlands beskik het. Nienaber en Nienaber (1943:20) verduidelik dat die meeste (wit) Afrikaanssprekendes, heel ironies, Nederlands as hulle moedertaal geag het, alhoewel hulle Nederlands geensins korrek of gemaklik kon praat of skryf nie. Daar was dus onder die sogenaamde taalaktiviste soos S.J. du Toit 'n behoefte aan 'n oortuigingsperiode (Nienaber en Nienaber 1943:27), waar daar gepoog is om die gedagte van Afrikaans as geskrewe taal onder die wit bevolking te bevorder. In ooreenstemming met hierdie motivering het Du Toit vertalings van Genesis (1893), Matteus (1895) en Openbaring (1898) voor die draai van die eeu geproduseer – en vertalings van Hooglied (1905), Handeline en Markus kort daarna (albei 1908). Hierdie oortuigingsbeweging het deur middel van hierdie proefvertalings en propaganda

daarin geslaag om die sogenaamde Afrikaanse gedagte onder Afrikaners te versprei en het daardeur die werk van latere taalbevorderaars vergemaklik.

Die weerstand teen Afrikaanse Bybelvertalings tydens hierdie era was 'n manifestasie van 'n tipe koloniale ideologie wat die Nederlandse taal met Europese prestige gekoppel het en dit het vertaling, weens minagting van Afrikaans in geskrewe, religieuse of andersins amptelike kontekste, beperk. Die skaarsheid voor 1900 van geskrewe Afrikaanse vertalings wat deur wit Afrikaanssprekendes geproduseer is, kan dus ideologies vertolk word en wys dat vertaling in hierdie geval onderhewig was aan heersende ideologiese stimulasie wat deur die politiese stelsel verskaf is. Die doelbewuste vertaling juis van Bybeltekste vervul ook 'n ideologiese rol. Hierdie tekste is nie weens evangelisasiedoeleindes (soos in die geval van die Bantoetale) gekies nie, maar hou eerder verband met die kulturele status van die Bybel. Vertalings van Bybelboeke het 'n ontluikende nasionalistiese ideologie weerspieël deur met Bybelvertaling 'n geloof in die status van Afrikaans uit te druk. Die selektiewe funksie van vertaling is dus deur ontluikende nasionalistiese ideologieë bepaal terwyl dit deur die nog heersende koloniale ideologie beperk is, en 'n tweeledige ideologiese spanning binne die stelsel het Afrikaanse vertaaltendense bepaal.

In teenstelling met Islamitiese vertaling, het vertaling hier op 'n interne taalgrens gefunksioneer deur inligting wat reeds in een medium in die stelsel bestaan het in 'n ander medium te dupliseer, nie hoofsaaklik om kommunikasie toe te laat waar dit voorheen onmoontlik was nie, maar juis om 'n taalgebied in die hoër sosiale vlakke van die samelewing uit te kerf vir die Afrikaanse taal, en inligting wat deel is van die religieuse stelsel is om hierdie rede tot 'n mate ideologies "uitgebuit". Geskrewe vertaling het daarom op ietwat ironiese wyse 'n taaldomein opgerig deur kommunikasie oor 'n taalgrens te bemiddel. Die moontlike ligging en verskuiwing van die grense van die Afrikaanse taaldomein en die invloed hiervan op magsverhoudings sal onder die volgende opskrifte bespreek word.

Wat vroeë Afrikaanse vertaling betref, is vertaling se ideologiese uitdrukkingsfunksie dus duidelik, terwyl vertaling se magspotensiaal egter betreklik minimaal is in vergelyking met die volgende era, waar ideologiese verandering vertaling se funksie op nuwe maniere beïnvloed het.

#### *4.2 Vertaling in die era van nasionalisme (1902–1948)*

Soos daar reeds aangedui is, het daar in die vroeë 20ste eeu 'n wending gekom met betrekking tot Afrikaanse vertaaltendense waar vertaling grootskaals begin plaasvind het. Dit is in hierdie geval sinvol om die ideologiese motivering vir hierdie verandering eers te bespreek voordat spesifieke vertaalaktiwiteite bespreek word. Die magsimplikasie sal dan duidelik hieruit vloei.

Afrikaans het aan die begin van die 20ste eeu teen 'n geweldige spoed ontwikkel van 'n sogenaamde kombuistaal na 'n hoëfunksietaal. Kort ná die draai van die eeu het pogings om Afrikaans te bevorder eksponensieel toegeneem danksy ondernemings deur koerante en verskeie taalgenuotskappe. Hierdie genootskappe het in 1909 saamgesmelt om die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te vorm, wat ortografie gestandaardiseer het en grammatikareëls vasgestel het. Teen 1914 is Afrikaans as 'n aparte taal van Nederlands erken (Nienaber en Nienaber 1943:73). In hierdie jaar is dit vir die eerste keer in skole gebruik, en kort daarna (in 1916) in kerke. Die eerste volledige vertaling van die Nuwe Testament en Psalms het in 1922 verskyn en ná 'n negatiewe reaksie deur die publiek is 'n nuwe

vertaalpoging in 1925 onderneem (Nienaber en Nienaber 1943:80). In 1925 het Afrikaans Nederlands as amptelike taal vervang en die voltooiing van die Afrikaanse Bybelvertaling in 1933 het vir sommige mense die ware geboorte van die Afrikaanse taal verteenwoordig.

Die ideologiese en magsverwante motivering vir hierdie geweldig vinnige ontwikkeling van Afrikaans was die uitkoms van die Boereoorlog. Nene Khalema (2016:101) verduidelik dat Afrikaners ná hulle nederlaag teen die Engelse op Britse kulturele onderdrukking en assimilasiestrydings gereageer het deur hulle identiteit as Afrikaners ('n benaming wat hulle "inheemsheid" en "geregtelike" besit van die land regverdig, en dus as 'n belangrike ideologieem dien) te beklemtoon. Khalema (2016:102) verduidelik die rol van Afrikaans in hierdie identiteitsbevestiging deur te sê: "With the invention of Afrikaans as their language of identity, the Dutch settlers claimed authority and legitimacy to the land." Die woord *invention* hier is 'n taamlik sterk uitdrukking. Anne-Marie Beukes (2007b:245) verwys op soortgelyke wyse na Afrikaans as 'n konstruksie en 'n sorgvuldig-gekultiveerde produk met betrekking tot die ontstaan van Afrikaans as hoëfunksietaal. As hoëfunksietaal is Afrikaans inderdaad 'n konstruksie en vertaling het 'n belangrike rol in die konstruksieproses gespeel.

Bybelvertaling, wat kortliks genoem is, het as gevolg van die gesag van die Bybel, wat reeds ideologies bespreek is, legitimiteit aan die Afrikaanse taal verleen deur die taal se vermoë ten toon te stel om die Woord van God oor te dra. Dit het ook linguïstiese standaardisering bevorder. In hierdie sin is die effek van Bybelvertaling in Afrikaans terloops soortgelyk aan die effek van Bybelvertaling in talle ander tale, insluitende die plaaslike Bantoetale. Vertaling is ook deur stelsels buiten die religieuse stelsel geïnisieer onder die nasionalistiese motivering om Afrikaans na 'n prestigetaal te verhef. In die literêre stelsel is Afrikaans as kultuurtaal bevorder deur vertaling van Wes-Europese letterkunde in Afrikaans. Die vroeë literêre vertalings het veral uit Nederlands, Duits en Frans plaasgevind en sluit byvoorbeeld poësievertalings deur Johannes Visser in wat in 1905 in die Vrystaatse koerant *De Vriend* verskyn het. Vroeë vertalings van toneelstukke het uit minstens vyf tale plaasgevind. Voorbeelde van vertaalde toneelstukke is David Conradie se vertalings *Fyne beskuite* (Van Maruijk 1908) en *Di neef als oom* (Picard 1909) en Gustav Preller se vertalings *Dokter Wespe* (Benedix 1913), *Piet s'n tante* (1914) en *Erasmus s'n erfgename* (1914). Mendelssohn se *A South African Bibliography* (Mendelssohn 1979), wat publikasies tot 1925 bevat, lys 11 dramavertalings uit Europese tale in Afrikaans in vergelyking met 39 oorspronklike Afrikaanse dramaproduksies. Dit beteken dat omtrent 20% van die algehele produksie van Afrikaanse toneelstukke tot 1925 vertalings was. Die bibliografie lys ook 23 fiksievertalings in vergelyking met 99 oorspronklike fiksiepublikasies, wat weer ongeveer 20% van die totale fiksieproduksie verteenwoordig. Sewe kortverhaalvertalings word gelys in vergelyking met 55 oorspronklike publikasies, wat ongeveer 11% van die totaal is. In die poësiegenre oorheers oorspronklike literêre produkte egter, met slegs vier vertaalde publikasies uit 'n totaal van meer as 100, wat waarskynlik te make het met die uitdagings wat poësievertaling oor die algemeen bied. Hierdie syfers dui aan dat Afrikaans tot 'n redelike mate van vertaling gebruik gemaak het aan die begin van die Afrikaanse ontwikkelingsfase.

In hierdie vertaaltendens het vertaling, soos in die geval van Arabies-Afrikaanse vertaling, tegelykertyd 'n grensposisie om 'n funksiestelsel ingeneem (in hierdie geval om die literêre stelsel) en op die grens van die samelewing gefunksioneer. Die feit dat juis Europese literatuur deur die vertaaltelsel ingeneem is, is ideologies merkwaardig omdat Europese kulture, ten spyte van ideologiese veranderinge in die Suid-Afrikaanse stelsel, steeds as intellektueel gevorderd beskou is binne die nasionalistiese siening en daarom gesag aan die Afrikaanse

literêre korpus kon verleen. Die vertaalstelsel se selektiewe deurlatendheid het dus Europese werke uit die omgewing ingeneem wat met heersende ideologiese eienskappe in die stelsel ooreengestem het.

Alhoewel die hoeveelheid literêre vertaling in die vroeë tydperk van Afrikaans as erkende taal betreklik groot was, was die hele korpus Afrikaanse literatuur nog baie klein en is vertaling oor die algemeen nie grootskaals beoefen nie. Dit het egter ná 1925 verander toe Afrikaans amptelike status verwerf het en vertaling uit Engels gebruik is om Afrikaans in administratiewe kontekste te verhef. Hierdie verandering in taalbeleid het vanuit 'n TSS-perspektief beteken dat alle amptelike kommunikasie in al die funksiestelsels in Engels én Afrikaans moes bestaan en het ook beteken dat beide die politieke en die regstelsels 'n groter invloed op die vertaalstelsel begin uitoefen het (alhoewel die vertaalstelsel steeds op die toenemende stimulanse van hierdie stelsels gereageer het deur middel van sy eie outopoiëse en dus nie direk beheer is nie). Die vertaalbeweging wat met die verandering in taalbeleid begin het, word deur Beukes (2007b) beskryf en sal hier nie uitvoerig bespreek word nie. Beukes verduidelik vertaling se rol in die verheffing van die status en funksionele potensiaal van Afrikaans en koppel dit aan die opbloeiende Afrikanernasionalisme wat vertalers tot taalhelde verhef het (weens hulle groot aandeel aan taalskepping). Afrikaans se gebruik in staatsadministrasie as amptelike taal naas Engels het die stigting van verskeie taalburo's geverg om die groot hoeveelhede vertaalwerk uit Engels te behartig en vir die eerste keer was daar 'n behoefte aan professionele vertalers. Beukes (2007b:253) verduidelik dat die periode wat in 1925 begin het deur Afrikaners as "ons taal se Eeu van Vertaling" bestempel, die gevolg is van die groot hoeveelhede administratiewe vertaalaktiwiteite wat begin plaasvind het. Die verskeie taalburo's wat gestig is, het die taalbehoefes van verskillende stelsels aangespreek, byvoorbeeld deur Afrikaans se tegniese en wetenskaplike leksikon op te bou, en is finansiëel sterk ondersteun deur die regering. Vanuit Luhmann se perspektief beteken laasgenoemde dat die politieke stelsel instaatstellende stimulanse verskaf het om aan die regstelsel se kommunikatiewe vereiste te voldoen. Gebiede waarin woordeskat sterk opgebou is, sluit byvoorbeeld die spoorweë (binne die vervoerstelsel), die weermag (binne die militêre stelsel) en die posdienste (binne die kommunikasiestelsel) in.

Vertaling het dus 'n baie belangrike rol gespeel in die verheffing van Afrikaans na 'n prakties toepasbare hoëfunksietaal en dit het implikasies ten opsigte van die posisie van die Afrikaanse taaldomein, wat naamlik uitgebrei het in die boonste vlakke van die samelewing, waar dit voorheen verbied is. Hierdie verwysing na die "boonste vlakke" van die samelewing dien as 'n algemene verwysingspunt binne die sekondêre hiërargiese sosiale struktuur en impliseer dat kommunikasie rofweg volgens hoë en lae sosiale funksies binne elke funksiestelsel geklassifiseer kan word. Dit hou verband met mense in die sosiale omgewing omdat lae sosiale funksies relatief toeganklik is (m.a.w. enigiemand kan op daardie vlak kommunikeer) terwyl hoë sosiale funksies onderhewig is aan opvoedkundige, finansiële, en in hierdie geval etniese en taalverwante beperkings.

Die praktiese effek van hierdie verskuiwing was potensieel (m.a.w. onderhewig aan die gebrek aan ander beperkings) 'n groter mate van toegang tot hoër kommunikatiewe vlakke deur mense in die biologiese en psigiese omgewing wat Afrikaans magtig was, en dus direkte bemagtiging van Afrikaanssprekendes. Daar was egter ook 'n belangrike ideologiese effek deurdat die Afrikanerkultuur, waarvan die Afrikaanse taal 'n verteenwoordiging en instrument was, deur vertaalaktiwiteite verhef is. Laasgenoemde beteken dat die Afrikaanse taalmedium self 'n



ideologiese rol gespeel het en 'n aandeel gehad het in 'n simboliese tipe magsverkryging wat in kulturele prestige uitgedruk is.

Afrikanernasionalistiese ideologie het ook die kommunikasie van die mediastelsel beïnvloed, 'n stelsel wat trouens 'n soortgelyke sosiale funksie aan die literêre stelsel het omdat beide stelsels gekoppel kan word aan die oprig van 'n sosiale identiteit (Segre 2014:197) in die sin dat beide op belangrike wyses bydra tot die skepping van 'n nasionale narratief. Hierdie stelsels het daarom ook 'n belangrike rol in die verspreiding van ideologieë.

Sedert 1936, die jaar waarin die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) gestig is, het radio<sup>4</sup> 'n geleentheid gebied vir nasionalisties-gedrewe vertaalaktiwiteite, en nes literêre vertaling, het radiovertalings die kulturele status van Afrikaans bevorder. Aanvanklik is Engelse en Afrikaanse programme op dieselfde kanaal uitgesaai (en het Afrikaanse programme slegs 20% van die totale uitsaaiyd uitgemaak), maar in 1939 is 'n aparte Afrikaanse kanaal geskep wat grootliks op vertaling staatgemaak het. Ruth Teer-Tomaselli (2015:68) verduidelik dat die SAUK se vertaaldepartement aanvanklik baie besig was en buiten gereelde nuusbuletins, praatjies en radiotekste uit Engels ook verskeie tekste uit Europese tale vertaal het, wat vermaaklik van aard was. Bewyse van die bestaan van vertaalde liedjies, dramas, operas, operette en musiekkomedies word deur Teer-Tomaselli (2015:17) verskaf wat, soos die literêre vertalings wat al genoem is, bygedra het tot die uitbreiding van die korpus Afrikaanse materiaal wat vir kulturele en vermaaklikheidsdoeleindes gebruik kon word. Vertaalde materiaal sou egter nie lank deug in 'n atmosfeer van groeiende Afrikanernasionalisme nie en die vertaalbenadering wat deur die SAUK voorgeskryf is, het weerstand aangedui teen die idee dat die Afrikaanse kanaal bloot 'n weerspieëling van die Engelse kanaal sou wees (Teer-Tomaselli 2015:74). Terwyl hierdie benadering gedeeltelik gemotiveer is deur die begeerte om 'n programverskeidenheid te bied, het dit aangesluit by Afrikaners se behoefte om hulle kultuur op unieke wyse uit te leef. Die volledige behaling van die doel van unieke kulturele uitdrukking sou oorspronklike skepping eerder as steun op vertaling verg, en oorspronklike komposisies is al hoe meer gebruik namate Afrikanernasionalisme aggressiewer toegeneem het. Dit beteken dat daar 'n ideologiese statusverskil bestaan het tussen oorspronklike en vertaalde inligting in verband met die ideologiese eienskappe van Afrikanernasionalisme, maar vertaalde kommunikasie het steeds 'n belangrike rol gespeel, al was dit as 'n tydelike maatreef bedoel en ondergeskik aan oorspronklike produksies.

Die vertaalstelsel het in hierdie geval op presies dieselfde manier gefunksioneer as in die geval van literêre vertaling, behalwe, natuurlik, dat vertaling op die grense van die mediastelsel gefunksioneer het, en die sosiale en ideologiese merkwaardigheid van hierdie stelsels is reeds genoem. Die kommunikatiewe skakel wat hierdeur tussen Westerse samelewings en die Suid-Afrikaanse samelewing opgerig is, is deur kommunikatiewe praktyke in albei stelsels versterk.

Die simboliese tipe magsverkryging wat die bogenoemde gevalle van vertaling bevorder het, is kortliks genoem, maar kan ter afsluiting van hierdie afdeling verder ontwikkel word. Die Britse oorwinning in die Suid-Afrikaanse Oorlog ('n stimulant in die fisiese/politiese omgewing) het die sosiale uitdrukking van nasionalistiese sentimente gestimuleer as 'n reaksie teen sosiale onderdrukking. 'n Behoefte is geskep om kulturele waarde en identiteit uit te druk (as ideologie) om 'n tipe groepsolidariteit tot stand te bring en om kulturele "oorlewing" te verseker te midde van Britse imperialisme en assimilasiestrydings (vgl. Hobsbawm 1994:32 se bespreking van die ontstaan van nasionalistiese bewegings). Siënings oor die Afrikaanse taal het dus vinnig verander en hierdie medium het die Afrikanerkultuur begin vergestalt en het self

as 'n ideoloogem van Afrikanernasionalisme gedien. Die status van die Afrikaanse taal het deur koppeling tussen die sosiale en fisiese stelsels as weerspieëling van die status van die Afrikaner gedien (anderskleurige Afrikaanssprekendes was nie deel van hierdie scenario nie en is weens sosiale rassehiërargie in terme van hulle aksiemoontlikhede beperk). Die ontwikkeling van Afrikaans en vertaling se selektiewe funksionering was dus 'n poging om die kulturele mag van die Afrikaner uit te druk. 'n Drastiese groei in die voorkoms van vertaling in Afrikaans (wat die taal help skep het en nasionalistiese ideologieë bevorder het) het dus 'n simboliese magsuitoefening verteenwoordig wat egter gepaard gegaan het met die daadwerklike toename in die (politiese) mag van Afrikaners.

Ten spyte van hierdie statusgewin toon veral vertaalaktiwiteite wat deur die politiese stelsel geïnisieer is, egter ook statusverskille tussen die Afrikaanse taalmedium en Engels (wat gevolge gehad het vir die status van die onderskeie kulture wat aan daardie tale verbonde was). Die feit dat Afrikaans nog in die ontwikkelingsfase was en dus nog grotendeels as doeltaal gedien het, met Engels as die hoofbrontaal, dui met ander woorde 'n ondergeskikte posisie aan. Dit beteken dat die posisie van kommunikatiewe media as ontvangers of verskaffers aanduidend is van statusverskille. Nogtans is dit beduidend dat Afrikaans die “kombuistaal”-assosiasie so vinnig verwissel het met 'n magsassosiasie. Gepaard met die skeiding met 'n uitsluitlike spreektaalkoppeling het daar ook 'n assosiatiewe skeiding met bruin en swart sprekers van Afrikaans gekom. Die Afrikaanse taal is dus toegeëien as 'n hoëfunksietaal in 'n sosiale en nasionalistiese magstryd wat bruin en swart sprekers van Afrikaans uitgesluit het en die beklemtoning van Europese kulturele verbande in vertaling se selektiewe funksie op kulturele gebiede het hierdie assosiasie onder andere bewerkstellig.

#### *4.3 Vertaling in die apartheidsera (1948–1994)*

Die instelling van apartheid in 1948 het verstrekkende sosiale implikasies gehad wat weer eens die aard van Afrikaanse vertaling beïnvloed het. Die oorwinning van die Nasionale Party in die 1948-verkiesing het die Afrikaner in 'n politiese magsposisie geplaas wat in terme van vertaling onder andere in die verdere professionalisering van vertaling met die doel om Afrikaans verder te ontwikkel weerspieël is en in die feit dat Afrikaans uiteindelik in die politieke stelsel die rol van hoofbrontaal oorgeneem het. Ook in ander stelsels het vertaling uit Afrikaans grootskaals begin plaasvind, in teenstelling met vertaaltendense in die vorige eeu. Die belangrikste voorbeeld hiervan is literêre vertaling uit Afrikaans in Engels en ander internasionale tale, wat egter aggressiewe Afrikanernasionalistiese magsbeoefening juis beveg het en die opkoms van sterk liberale ideologieë en versetideologieë vanuit die Afrikanergemeenskap verteenwoordig het. Apartheid het vertaling dus op twee maniere gestimuleer. Aan die een kant het dit vertaalaktiwiteite direk gestimuleer, veral waar vertaling deur die politieke stelsel onderneem is. Aan die ander kant het apartheid vertaling uit Afrikaans as 'n vorm van verset ontlok en vertaalneigings dus indirek gestimuleer. Afrikaanse vertaling tydens die apartheidsera het dus, vanuit die perspektief van ideologie, 'n rofweg tweeledige manifestasie gehad: een wat gepaard gegaan het met 'n aggressiewe vorm van Afrikanernasionalisme wat apartheid bevorder en uitgevoer het en een wat Afrikanerliberalisme verteenwoordig en apartheid beveg het. Daar is dus weer eens sprake van 'n tipe ideologiese spanning. Die bespreking onder hierdie opskrif sal vertaling hoofsaaklik volgens hierdie twee ideologiese manifestasies dek as 'n tipe ideologiese oriënteringspunt wat direk verbonde is aan magsverhoudings, maar daar word erken dat vertaling nie in absoluut alle gevalle binne hierdie bipolariteit gekategoriseer kan word nie.

Wat apartheidsideologie betref, is dit onnodig om hier 'n uitvoerige beskrywing te bied. Al wat vir die doeleindes van die artikel beklemtoon moet word met die oog op die beskrywing van magsverhoudings en ideologie, is dat apartheid die aparte, maar oneweredige, ontwikkeling van Suid-Afrikaanse rassegroepe beoog het met die doel om die Afrikaner "ras" as 'n suiwer en maghebbende entiteit te bewaar. Mag en ideologie het in hierdie geval dus hand aan hand geloop, aangesien apartheid vir die Afrikaner, maar ook vir blanke Suid-Afrikaners oor die algemeen, 'n magsposisie probeer verseker het en geensins 'n gelyke bedeling vir rasse beoog het nie.

Afrikaans het Engels teen die 1960's vervang as die hoofbrontaal in amptelike kommunikasie (wat steeds aan 'n tweetalige taalbeleid onderhewig was). Dominique Mwepu (2008:93) verduidelik dat 63% van amptelike kommunikasie teen 1961 uit Afrikaans in Engels vertaal is. Dit verteenwoordig die mondigwording van die Afrikaanse taal as 'n hoëstatus-kommunikasiemedium, wat nie meer van vertaling uit Engels afhanklik was vir sy ontwikkeling nie. Amptelike vertaling tussen Afrikaans en Engels het sedert die vorige tydperk 'n al groter bedryf geword en verdere instansies is tydens hierdie era geskep om die gehalte van vertalings te verseker. Die toenemende professionalisering van die vertaalbedryf het onder andere tot die skepping van SAVI, die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut, in 1956 gelei. Beukes (2007a:122) verduidelik dat Afrikanernasionalisme en Afrikaanse taaltrots 'n belangrike rol gespeel het in die skepping van SAVI. Hierdie taaltrots het die regering ook gemotiveer om die professionalisering van vertaling finansiële te ondersteun. Mwepu (2008:95) erken ook die ideologiese motivering agter die professionalisering van vertaling en is van mening dat vertaling as 'n professionele bedryf nie kon ontwikkel het sonder 'n nasionalisties-gedrewe politiese wilskrag nie. Hierdie professionalisering het terloops 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van vertaling se eienskap as 'n stelsel en in die spesialisering van vertaling se sosiale rol.

Die mondigwording van Afrikaans as 'n hoëfunksietaal grotendeels as gevolg van vertaling, moet in teenstelling met die afskeep van die Bantoetale in hoër funksies gesien word. Alhoewel die doel van hierdie artikel nie is om vertaling in die Bantoetale uitvoerig te bespreek nie, is dit belangrik om hierdie kontras te erken, veral met betrekking tot magsverhoudings. In ooreenstemming met Suid-Afrika se tweetalige taalbeleid en ten einde hierdie beleid uit te voer (wat natuurlik ideologies bepaal is), het vertaling veral oor die Engels-Afrikaanse taalgrens gemedieer. Vertaling se konsentrasie rondom die amptelike "wit tale"<sup>5</sup> was met ander woorde 'n voor die hand liggende uitdrukking van ideologieë en magsverhoudings. Aan die ideologiese kant het dit 'n siening van die verhevenheid van wit Suid-Afrikaanse kulture bo ander Suid-Afrikaanse kulture weerspieël. Aan die kant van magsverhoudings is die sosiale stratifikasie wat vroeër bespreek is, tot 'n groot mate versterk deur kommunikatiewe toegang tot hoër vlakke van stelsels deur middel van taal te beperk. Vertaling het dus in samewerking met 'n tweetalige taalbeleid 'n rol gespeel in sosiale uitsluiting. Taal was een van verskeie faktore (byvoorbeeld opvoeding en die wet) wat toegang tot die hoër vlakke van die samelewing beperk het in 'n poging om 'n hiërargiese sosiale struktuur te bewaar in ooreenstemming met die apartheidsideologie.

Die apartheidsregering se verhouding met die Bantoetale is egter nie eenvoudig nie en 'n tipe paradoks bestaan in hierdie verband, omdat vertaling wel tot 'n mate gebruik is om die Bantoetale te ontwikkel in die konteks van die beleid van afsonderlike ontwikkeling ('n stimulans uit die politieke stelsel). Vertaling is byvoorbeeld gebruik in swart onderwys (in die skepping van voorgeskrewe leesmateriaal en handboeke), Radio Bantoe (in die skepping van

nuusbuletins en praatjies) en die tuislande (in amptelike staatsdokumentasie) as deel van 'n verdeel-en-heers-taktiek. Hierdie taktiek het aparte stamidentiteite beklemtoon in 'n poging om die swart meerderheid volgens tale, stamme en kulture te verdeel. Vertaling in hierdie apartheidsinisiatiewe is ook gebruik om propaganda te versprei en regeringsideologieë te bevorder en was dus deurtrek van onderdrukkende motiverings. Gepaard met die feit dat vertaling in die Bantoetale op 'n heelwat kleiner skaal as Engels-Afrikaanse vertaling plaasgevind het, het ontwikkeling van die Bantoetale nie die status van Engels en Afrikaans bedreig of dieselfde toegang tot hoër sosiale funksies toegelaat nie. Wat die Bantoetale betref, is vertaling se mediëringsfunksie in verband met die apartheidsideologie baie ooglopend. 'n Voorbeeld hiervan is die keuse van voorgeskrewe literatuur vir skoolonderrig wat Afrikane in onderdanige posisies aan blankes uitgebeeld het (Maake 2000:139).

Literêre vertaling uit Engels en verskeie Europese tale in Afrikaans het ook dikwels nasionalistiese of apartheidsdoeleindes bevorder. Literêre vertalings in Afrikaans was, nes vertaling in die Bantoetale, aan sensuurbeperrings onderworpe en móés die apartheidsideologie dus óf ondersteun óf ten minste nie teengaan nie om uitgegee te kon word. Die politiese stelsel het in hierdie geval dus weer eens die vertaalstelsel se seleksieprosesse op die inligtings- en uitdrukkingsvlakke beïnvloed. Sedert die 1960's is 'n groot aantal bekende en gekanoniseerde Westerse werke in Afrikaans vertaal – 'n versterking van die tendens wat vroeër bespreek is. Voorbeelde van werke wat deur vertaling se selektiewe deurlatendheid in die literêre stelsel ingeneem is, sluit verskeie Griekse tragedies, Shakespeare se toneelstukke en verskeie bekende kinderboeke soos Lewis Carroll se *Alice's adventures in Wonderland* in. Volgens Leti Kleyn (2013:44) het 40% van die algehele Afrikaanse literêre korpus tussen 1958 en 1965 uit vertaalde literatuur bestaan, wat natuurlik 'n baie groot persentasie is. Soos voorheen het vertalings bygedra tot die gehalte en status van die Afrikaanse literatuur deur die Afrikaanse literêre repertoire uit te brei en aan te vul met gesaghebbende Westerse werke, maar vertalings het nog steeds nie dieselfde prestige as oorspronklike literêre werke geniet nie (sien Vosloo 2010:58). Die feit dat die sogenaamde argitek van apartheid en vurige Afrikanernasionalis Hendrik Verwoerd direkteur van die uitgewer Afrikaanse Pers-Boekhandel (later Afrikaanse Pers Beperrk) was, wat grootliks verantwoordelik was vir die invoer van gekanoniseerde letterkunde deur middel van vertaling, is 'n vanselfsprekende aanduiding van die sterk kommunikatiewe koppeling tussen die politieke en literêre stelsels. Die politieke stelsel se gebruik van sensuur dui ook op erkenning van die literêre stelsel se vermoë om ideologieë te versprei wat maghebbendes kon bedreig. Versetkragte was egter sterk genoeg om weë om hierdie beperkings te vind deur middel van sogenaamde versetvertaling.

Wat hier as versetvertaling bestempel is, verteenwoordig 'n poging deur skrywers,<sup>6</sup> in die geval van Afrikaans veral skrywers van die bekende Sestigerbeweging, om versetliteratuur wat teen apartheidsideale gekant was, na ander samelewings te versprei omdat dit vanweë die invloed van die politiese stelsel en die outopoiëtiese funksionering van die literêre stelsel op daardie stadium nie binne die Suid-Afrikaanse literêre stelsel geduld kon word nie. Afrikaanse versetliteratuur is gewoonlik deur Afrikaanse skrywers self in Engels vertaal, waaruit dit dan weer in verskeie internasionale tale, maar veral Europese tale, vertaal is. Die vertaalhandeling self was dus 'n vorm van verset, omdat dit die verspreiding van inligting wat teen apartheid gekant is na ander stelsels moontlik gemaak het, waar die betogingsfunksie teen apartheid indirek uitgevoer kon word. Vertaling het in hierdie geval gefunksioneer deur inligting (nie noodwendig in die sin van "feite" nie, maar as estetiese anti-apartheidsideologeme) in 'n taalmedium oor te sit wat dit "opneembaar" gemaak het deur stelsels in die omgewing. Die feit dat inligting veral deur Westerse stelsels opgeneem is, is 'n aanduiding van die ideologiese

eienskappe van hierdie stelsels, wat weens heersende liberalisme in hierdie stelsels tydens hierdie periode “vatbaar” was vir die stimulanse wat die Afrikaanse versetliteratuur verskaf het. Die ideologieë wat Afrikaanse versetvertaling in die eerste plek gestimuleer het (soos eksistensialisme en sogenaamde “counter-culture”), het trouens oorspronklik in Westerse samelewings ontstaan, wat dui op ’n rekursiewe ideologiese invloed. Die ideologieë van Westerse samelewings in die omgewing het die Suid-Afrikaanse stelsel met ander woorde gestimuleer, maar die outopoiëtiese eienskappe van die stelsel het nie die vermeerdering van oorstemmende kommunikasie binne die stelsel direk toegelaat nie, wat vertaling as ’n tipe toevlug ontlok het en Westerse stelsels gestimuleer het om sterker politiese stimulanse op die Suid-Afrikaanse stelsel te rig om te konformeer.

In terme van vertaaltendense verteenwoordig die uitvoer van Afrikaanse versetliteratuur na die buiteland vanaf die 1960’s ’n baie belangrike verandering. Vir die eerste keer ooit is Afrikaanse literatuur in baie groot hoeveelhede deur middel van vertaling uitgevoer en het Afrikaans in die literêre konteks ’n belangrike brontaal in vertaalaktiwiteit geword. Soos in die geval van administratiewe vertaling het dit die status aangedui wat Afrikaans verwerf het (in hierdie geval as ’n literêre taal). Die prominensie van versetliteratuur in hierdie vertaaltendens is egter van groter belang, want dit dui ’n ideologiese verandering binne die Suid-Afrikaanse stelsel aan wat ’n nuwe era in die stryd teen apartheid verteenwoordig het. Hierdie verandering het die verspreiding van versetideologieë na die boonste vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing behels waar dit deur Afrikaner-intellektuele bevorder is. Alet Kruger (2012:277) verduidelik dat Afrikaanse skrywers voor die 1960’s nasionalistiese ideale oor die algemeen ondersteun het en ’n belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van ’n verhewe Afrikaneridentiteit. Afrikaner-intellektuele het egter toenemend ontnugter geraak met regeringsideale (onder andere as gevolg van hulle aanraking met Westerse ideologieë, soos daar reeds genoem is) en het hulle tot versetliteratuur gewend om hulle misnoeë te uiter. Op die kommunikatiewe uitdrukkingsvlak het dit gewoonlik die uitbeelding van geweld, rassekonflik, interkulturele liefdesverhoudings en weerstand teen die establishment behels (Kruger 2012:279). Skrywers wat van versetvertaling gebruik gemaak het, sluit onder andere André P. Brink, Breyten Breytenbach, Elsa Joubert, Chris Barnard, Etienne Leroux en Bartho Smit in, van wie die produktiefste skrywers Brink en Breytenbach was (wat albei selfvertalers was).

Brink en Breytenbach se bydraes tot literêre uitvoer deur middel van vertaling was enorm. Breytenbach se poësie is buiten in Engels hoofsaaklik in Wes-Europese tale soos Frans, Nederlands, Duits en verskeie Skandinawiese tale vertaal. Brink se prosa het ’n nog groter gebied as Breytenbach se werk bereik, met ’n groter verspreiding na Noord- en Oos-Europa, Rusland en selfs die Midde-Ooste en Asië. Wes-Europa en die Engelssprekende wêreld was egter die gewildste bestemmings. Belangrike bydraes van ander bekende skrywers sluit Elsa Joubert se roman *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) in (terloops ook ’n selfvertaling) wat in 13 tale vertaal en is in 2002 aangewys as een van die top-100 boeke wat in die 20ste eeu in Afrika gepubliseer is. Verskeie ander werke deur Joubert is ook in Engels vertaal. Chris Barnard se drama *Die rebellie van Lafras Verwey* (1971) is in vyf tale vertaal (Nederlands, Frans, Engels, Italiaans en Tsjeggies) en drie van sy ander werke is in o.a. Engels, Nederlands en Duits vertaal. Bartho Smit is in die buiteland vir sy toneelstukke bekend, waarvan talle in Engels vertaal is. Sy *Putsonderwater* (1962) kon nie in Suid-Afrika opgevoer word nie weens sy uitbeelding van ’n liefdesverhouding tussen twee mense van verskillende rasse, maar is met groot sukses in Vlaams opgevoer. Die Engelse vertaling van Smit se toneelstuk *Die verminktes* (1960) het in 1960 die Encyclopaedia Britannica-prys gewen. Vyf van Etienne Leroux se werke is in Engels vertaal en ander skrywers, o.a. John Miles en Abraham H. de Vries, se werk is ook

hoofsaaklik in Engels vertaal. 'n Paar nie-Sestigters, soos Dalene Matthee, het ook literêre sukses behaal deur vertaling tydens die apartheidsera, maar die hooftegens was die vertaling van betrokke literatuur. Brink en Breytenbach se werk was dus nie alleen in die grootskaalse literêre uitvoertendens nie en die hele Sestiger-beweging het vertaaltendense beduidend beïnvloed.

Vertaaltendense tydens die apartheidsera dui dus sowel die invloed van Afrikanernasionalisme en apartheidsideologieë as die opkoms van liberale en egalitêre ideologieë aan en die oorgang na 'n demokratiese regering word op ideologiese gebied voorspel deur die veranderinge in vertaaltendense.

#### *4.4 Vertaling in die demokratiese era (1994–)*

Die afskaffing van apartheid en die instelling in 1994 van 'n demokratiese regering waarin alle rasse die stemreg het, het groot veranderinge in terme van dominante ideologieë en taalbeleid tot gevolg gehad. Kort ná demokratisering is nege Bantoetale naas Engels en Afrikaans as amptelike tale erken. Dit verteenwoordig dus 'n groot verandering in vergelyking met die vorige taalbeleid. As gevolg van die dalk oorambisieuse aard van hierdie taalbeleid, gepaard met 'n neoliberalistiese ideologie wat in die politieke stelsel en dus staatsadministrasie heers, het taalbeleid en ander tipes sosiale hervorming egter nie die sosiale stratifikasie wat tydens apartheid in stand gehou is, wesenlik kon verander nie. Neoliberalisme word in hierdie geval gekenmerk deur bevordering van die vryemarkstelsel, gesteun deur 'n nou praktiese definisie van demokrasie, eerder as die radikale deelnemende projek wat verskeie lede van die ANC in gedagte gehad het (Bond 2014:1). Hierdie ideologie ondersteun dus 'n vorm van kapitalisme wat gekenmerk word deur 'n laissez-faire ekonomiese houding eerder as radikale ekonomiese (asook opvoedkundige en ander) hervorming en 'n pragmatiese ingesteldheid wat voorkeur aan Engels tot gevolg het. Soos ander tipes hervorming, het taalhervorming so te sê “op papier” gebly en dit is nie in werklike hervorming omgesit nie. Die regering is tot dusver baie nalatig in die toepassing van die amptelike tale in amptelike kontekste, wat lei tot wat Stephen May (2003:35) “resigned language realism” (gelate taalrealisme) noem. Hierdie tipe taalpragmatisme behels verengelsing ten koste van Afrikaans en die amptelike Bantoetale (Kruger, Kruger en Verhoef 2007:36). Dit beteken dat 'n de facto-verskuiwing vanaf amptelike tweetaligheid na eentaligheid in sekere belangrike funksiestelsels (bv. die politieke, ekonomiese en onderwysstelsels) plaasgevind het. Afrikaans as kommunikasiemedium het dus status op hierdie gebiede verloor, terwyl die ander amptelike tale nie die status van hoëfunksietale ten volle kon bereik nie. Dit beteken dat taalgrense in die praktyk hoofsaaklik die domein van die Afrikaanse medium beïnvloed het, wat in die hoër vlakke van sekere funksiestelsels gekrimp het, terwyl die domeine van die Bantoetale in min of meer dieselfde posisie gebly het. 'n Gebrek aan vertaling is grootliks hieraan aandadig.

Die feit dat nie alle Suid-Afrikaners oor voldoende kennis van Engels beskik nie, maak die dominansie van Engels in die hoër vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing baie problematies, aangesien dit weer eens sosiale uitsluiting tot gevolg het. 'n Gebrek aan Engelsgeletterdheid bevorder met ander woorde dieselfde proses wat onder apartheid beskryf is, wat Myers-Scotton (1993:149) “elite closure” (elitesluiting) noem, waardeur sosiale ongelykhede behou word, in hierdie geval deur die behoud van uitsluitende taalgrense. Verder lei die dominansie van Engels tot miskenning van die kulture waarvan die ander amptelike tale verteenwoordigend is, en in hierdie verband is beide die kommunikatiewe en die uitdrukkingsfunksies van tale belangrik.

Teen hierdie agtergrond is die posisie van Afrikaans uniek. Alhoewel Afrikaans sedert demokratisering status verloor het, is die status van Afrikaans nie in alle opsigte gelykstaande aan dié van die Bantoetale nie. Alhoewel Afrikaans in terme van amptelike gebruik miskien met die Bantoetale deel, is die taal op kulturele en selfs opvoedkundige/akademiese vlak nog betreklik sterk. Vertaalneigings dui veral die magsbehoud van Afrikaans as kultuurtaal aan, wat veral in vertaaltegniese in die literêre en mediastelsels sigbaar is. In hierdie sin dien Afrikaans moontlik as 'n voorbeeld van hoe taalgebruik kulturele erkenning teweeg kan bring onder die Bantoetale (ten spyte van die beperkings wat die politieke stelsel uitoefen) en bied vertaalaktiwiteite in Afrikaans moontlike oplossings vir ten minste die kulturele newe-effekte van die neiging na eentaligheid. In hierdie verband is vertaling in die konteks van transformasie, soos deur Antjie Krog bevorder, belangrik. Oplossings vir die probleem van toegang tot inligting en praktiese sosiale insluiting verg egter ook 'n drastiese toename in vertaalaktiwiteite in staatsadministrasie en essensiële sosiale funksies – ten minste tot opvoeding in kommunikasievaardighede in Engels genoegsaam verbeter (indien eentaligheid die pragmatiese doel is).

Aangesien literêre vertaalaktiwiteite die duidelikste aanduiding van die kulturele posisie van Afrikaans bied, sal die bespreking van vertaalneigings onder hierdie afdeling fokus op literêre vertaling en nie vertaling gestimuleer deur die mediastelsel in ag neem nie. Kleyn (2013:120) verduidelik dat die Suid-Afrikaanse boekmark, wat vertaling betref, oorheers word deur vertalings van Christelike fiksie en niefiksie, romans, selfhelpgidse, sielkundige boeke en 'n groot hoeveelheid kinder- en jeugliteratuur, wat hoofsaaklik uit Engels vertaal word. Op die gebied van kinder- en jeugliteratuur is die persentasie vertaalde werke besonder groot – volgens Kleyn en Snyman (2010:30) 32% in 2008. Buiten hierdie genres word ook nog bekende Westerse literatuur vertaal, en Kleyn (2013:122) identifiseer 'n opbloei in hierdie tipe vertaling sedert die vroeë 2000's. Wat belletristiese literatuur betref, is vertaling uit Nederlands gewild en is onder meer Herman de Coninck, Harry Mulisch, Karel Glastra van Loon, Gerrit Komrij en Adriaan van Dis sedert 1994 vertaal. Hierdie tipes vertaling voeg, soos voorheen, bekende letterkundige werke tot die Afrikaanse kanon toe en verryk daardeur die Afrikaanse literêre korpus. Dit moet ook in ag geneem word dat vertaling uit Engels plaasvind ten spyte van die toeganklikheid van oorspronklike Engelse tekste aan talle Afrikaanse lesers. Hierdie situasie beklemtoon die “luukshede” wat die Afrikaanse boekmark kan bekostig omdat vertaling nie hoofsaaklik ter wille van kommunikatiewe noodsaaklikheid onderneem word nie, maar ter wille van gemak, wat gevolglik as 'n tentoonstelling van die kulturele status en ekonomiese waarde van Afrikaans dien.

Vertaling uit Afrikaans bied waarskynlik 'n nog duideliker voorbeeld van die kulturele status van Afrikaans aangesien Afrikaanse literatuur steeds, ten spyte van die afwesigheid van die versetmotivering, op 'n betreklik groot skaal uitgevoer word. André P. Brink is steeds die mees vertaalde Afrikaanse skrywer sedert die aanvang van die nuwe politieke bedeling (met 95 rekords op die Index Translationum – Unesco se aanlyn bibliografie van vertalings). Breyten Breytenbach, Karel Schoeman, Ingrid Jonker en ander skrywers uit die vorige era word tans ook gereeld vertaal. 'n Verskuiwing van die gewildheid van betrokke Afrikaanse literatuur na gewilde genres het egter plaasgevind, wat daarop dui dat die bekendheid van Afrikaanse literatuur oorsee nie steeds staatmaak op die “publisiteit” wat apartheid verskaf het nie. 'n Nuwe generasie skrywers geniet tans bekendheid oorsee as gevolg van vertaling, van wie die spanningsverhaalskrywer Deon Meyer die meeste sukses behaal het. Meyer is al in Engels, Duits, Nederlands, Frans, Italiaans, verskeie Skandinawiese tale en Tsjeggies en Bulgaars vertaal en het 47 rekords op die Index Translationum – heelwat meer as van die betrokke

skrywers van die vorige generasie. Ander nuwe-generasie-skrywers wat bekendheid geniet deur middel van vertaling is Marita van der Vyver, wie se roman *Griet skryf 'n sprokie* (1992) in tien tale vertaal is, en Marlene van Niekerk, wie se roman *Triomf* (1995) in Engels, Nederlands, Duits, Sweeds, Frans en Italiaans vertaal is. In Nederland en Vlaandere is onder andere Etienne van Heerden, Marlene van Niekerk, Riana Scheepers, Dan Sleight, Marita van der Vyver en Ingrid Winterbach nie bloot literêre randfigure nie; Yves T'Sjoen (2013:27) verduidelik: “[Zij figureren] in strategiese repertoires van critici en nemen met hun romans deel aan het poëtische discours in het Nederlandse literaire systeem.” Die Afrikaanse digters Antjie Krog en Ingrid Jonker is volgens T'Sjoen (2013:20) bekend as aktiviste eerder as digters, maar die positiewe ontvangs van die digter Ronelda S. Kamfer se werk in Nederlands is volgens T'Sjoen uitsonderlik omdat Kamfer as digter eerder as aktivis bekend is (al is haar werk ook aktivisties) en dit dui dalk op 'n soortgelyke verandering as wat in die prosawêreld sigbaar is. Buiten internasionale vertalings, word Afrikaanse literatuur ook plaaslik in Engels vertaal. Kleyn (2013:124) bied verskeie redes hiervoor aan, soos die bekende konteks en temas, die feit dat vertaalregte maklik verkrygbaar is en die bemarkbaarheid van skrywers wat in Afrikaans sukses behaal het.

Hierdie vertaalneigings toon dat die Afrikaanse literêre mark nie net by die verrykende funksie van die vertaling van internasionale publikasies in Afrikaans baat nie, maar ook aanhou om hoëgehalte-literatuur te produseer, waarvoor daar plaaslik en internasionaal 'n mark is. Die neiging weg van betrokke literatuur dui daarop dat die keuse vir die invoer van Afrikaanse literatuur deur internasionale stelsels nou hoofsaaklik deur estetiese of vermaaklikheidsvereistes eerder as politieke kwessies beïnvloed word. Die uitvoerbaarheid van Afrikaanse literatuur is 'n duidelike aanduiding van die status van Afrikaans as 'n kultuurtaal en moet weer eens vergelyk word met die status van die Bantoetale in die literêre stelsel. Alhoewel die Bantoetale wel tot 'n redelike mate in die mediastelsel gebruik word, en alhoewel hierdie gebruike wel bydra tot kulturele erkenning, beperk hulle skaarsheid in geskrewe genres hierdie tale se status weens die prestige wat aan geskrewe diskoers gekoppel is. Hierdie idee word deur Kruger, Kruger en Verhoef (2007:45) ondersteun, wat geskrewe taal as 'n belangrike simbool van etniese identiteit beskou. Wat die literêre stelsel betref, word literatuur in die Bantoetale, in teenstelling met Afrikaans, byna uitsluitlik vir onderwysdoeleindes gepubliseer, soos onder apartheid. Volgens 2011-statistieke was 54% van alle algemene boeke (resepteboeke, kinderboeke, woordeboeke, literatuur en ander boeke buiten akademiese of opvoedkundige boeke) wat gepubliseer is, Engels, 45% Afrikaans en slegs 1% in die gekombineerde Bantoetale in dié jaar (Möller 2014:49).

Die miskenning van literatuur in die Bantoetale wat uit die bogenoemde statistieke blyk, is trouens ook sigbaar wanneer literêre vertaalneigings in Afrikaans bestudeer word. Alhoewel vertaling van Westerse boeke 'n verrykende onderneming bly, is Eurosentriese neigings in Afrikaanse vertaling problematies ten opsigte van transformasie en versoening. Die gebrek aan vertaling in Afrikaans van plaaslike literatuur in die Bantoetale (met inagneming van die skaarsste van sodanige literatuur), of Afrikaliteratuur oor die algemeen (in enige van die Afrikatale of voormalige koloniale tale van Afrika) dui op 'n toestand van isolasie en distansiering van Afrika ten gunste van Europese affiliasie. Op hierdie manier word Eurosentriese ideologieë in Afrikaanse vertaalaktiwiteite gemanifesteer. Van die min uitsonderings op hierdie neiging in die demokratiese era is die Afrikaanse vertaling van Nelson Mandela se *Long walk to freedom*, 'n nuwe Afrikaanse vertaling van Tomas Mofolo se *Chaka* en Afrikaanse vertalings van inheemse letterkunde wat gedoen is as deel van verskeie projekte wat deur Antjie Krog onderneem is. Die digbundels *Met woorde soos met kerse* (2002) en *die*



*sterre sê “tsau”* (2004), wat vertalings van gedigte uit verskeie inheemse tale bevat, het uit hierdie projekte ontstaan. Onlangs was Krog betrokke by die vertaling van ’n reeks klassieke boeke uit Zoeloe, Xhosa, Sotho en Tswana in Engels. Die reeks bestaan uit ses romans, een draaiboek en een digbundel en is in November 2018 deur Oxford University Press SA uitgegee. Krog bevorder interkulturele vertaling as ’n oplossing vir die probleem van kulturele ongelykheid en beywer haar om meertaligheid en interkulturele opvoeding deur vertaling te versprei. Sy sien wedersydse vertaling as ’n manier om die hegemonie wat Afrikaans en Engels in die literêre konteks besit, af te breek en gelykheid en respek te bewerkstellig. Alhoewel dit maklik is om oortuig te wees dat vertaling ’n weg bied om rasseversoening en transformasie voort te bring, bied die invloed van die ekonomiese stelsel op die literêre stelsel in hierdie opsig ’n groot hindernis. Dit beteken dat vertalings in of uit Afrikaans hoofsaaklik deur ekonomiese motiverings beïnvloed word en dat vertalings met ’n “transformatiewe” motivering wat moontlik met nog heersende Eurosentriese ideologieë bots, skaars is en nie dominante neigings kon beïnvloed nie. Die koppeling tussen die ekonomiese en literêre stelsels speel dus ’n belangrike rol in die bepaling van literêre vertaaltendense in teenstelling met die vorige bedeling waar die politieke stelsel die grootste invloed uitgeoefen het. Dit maak natuurlik sin binne ’n ideologiese atmosfeer van neoliberalisme. Die invloed van ’n tipe ideologie wat grootskaalse aanvaarding van Afrikaliteratuur in Afrikaans weerstaan, lê egter op sy beurt agter die gedrag van hierdie stelsels. Of ’n transformatiewe ideologie hierdie ideologie sal omverwerp, is moeilik om te voorspel en hang waarskynlik van verwikkelinge in die politiese stelsel af.

Laastens is die geval van Afrikaans “voorbeeldig” in die sin dat Afrikaans kultuurstatus kon behou, veral in die literêre en mediastelsels, ten spyte van die gebrek aan regeringsondersteuning van die amptelike tale, maar vertaling se rol in die verkryging/behoud van kultuurstatus is nie noodwendig herhaalbaar in die geval van die Bantoetale sonder instaatstellende ideologiese motivering nie. Die potensiaal wat vertaling besit om kultuur- en taalstatusse te bevorder, word nietemin beklemtoon deur die bespreking van vertaling in die konteks van Afrikaans. Afrikaanse vertaaltendense se uitdrukking van heersende Eurosentriese tendense is egter nie voorbeeldig wat postapartheid transformasie betref nie en het waarskynlik met mag te make in die sin dat wedersydse “vertaalhandel” ’n afbreek van kulturgebonde sosiale stratifikasie impliseer terwyl daar juis gepoog word om ’n verhewe status (bo ander kulture) te behou.

## 5. Ten slotte

Deur breedweg na Afrikaanse vertaaltendense deur die geskiedenis te kyk met die klem op vertaling se selektief deurlatende funksie, wat deur ideologieë en magsverhoudings beïnvloed word, is ’n sosiaal gekontekstualiseerde blik op geskrewe Afrikaanse vertaling deur die geskiedenis in hierdie artikel gebied.

Daar is gesien dat vertaling as grensverskynsel funksioneer deur die kommunikasie van spesifieke funksiestelsels van die moderne samelewing oor taalgrense te bemiddel en dat die selektiewe funksie van die vertaalstelsel dikwels ’n uitdrukking van ideologieë en magsverhoudings is. Die kommunikasie wat deur vertaling se selektiewe deurlatendheid in stelsels ingevoer word of binne stelsels gedupliseer word oor interne taalgrense, word beïnvloed deur heersende ideologieë in die betrokke stelsels, en vertaalkeuses dien dus as

ideologeme. Die ideologieë wat deur vertaalaktiwiteite uitgedruk word, weerspieël of bevorder ook dikwels magsverhoudings. Daar is gesien dat sosiale maghebbers die produksie van kommunikasie oorheers en vertaling strategies gebruik in 'n poging om hulle ideologieë te bevorder en die aksiemoontlikhede van ander te beperk, maar pogings om magsverhoudings deur vertaling te ondermyn is ook uitgewys. Daar is uitgewys dat verskillende ideologieë en magsverhoudings terselfdertyd 'n invloed op vertaalde kommunikasie kan uitoefen.

Afrikaanse vertaaltendense deur die geskiedenis is dus besonder illustratief van die verwantskap tussen vertaling en sosiale faktore soos mag en ideologie, en Luhmann se TSS bied 'n interessante manier om die ideologiese en magsverwante funksie van vertaling uit te wys, veral wanneer Tyulenev se toepassing van TSS op vertaling gebruik word. Alhoewel TSS slegs een moontlike beskouing van vertaling as 'n sosiale praktyk binne die konteks van die samelewing verteenwoordig en geensins as die beste of enigste teoretiese benadering voorgehou word nie, word die insigte wat deur die toepassing van hierdie stelselteorie verskaf word, tog as baie waardevol beskou. Hierdie benadering ontbloot nie net vertaling se soms versteekte koppeling met magsverhoudings en ideologieë nie, maar is ook waardevol in die erkenning van die beperkings wat sosiale eienskappe op vertaalhandelinge uitoefen. Dit is veral belangrik wanneer voorstelle ten opsigte van vertaling se ideale sosiale funksionering deur akademici na vore gebring word. In hierdie gevalle moet daar erken word dat vertaalneigings beïnvloed word deur ideologiese tendense en magsverhoudings en die invloed van hierdie sosiale magte moet nie onderskat word nie. Terwyl die sosiale beperkings wat sosiale kragte op vertaling uitoefen onder 'n struktuurgerigte benadering beklemtoon word, is modelle wat menslike toedoen beklemtoon, dalk nuttiger ten opsigte van voorstelle oor hoe vertaaltendense ten goede verander kan word en vertaalprobleme opgelos kan word. Hierdie twee benaderings kan mekaar op produktiewe maniere komplementeer deur gesamentlik by te dra tot diskoers ten opsigte van ingewikkelde taalprobleme wat Suid-Afrika tans kwel.

Die gevolgtrekkings wat uit die toepassing van TSS op vertaling voortvloei, het ook teoretiese waarde, aangesien dit die konseptualisering van vertaling kan verbreed, veral deur die “ontmaskering” van vertaling se rol as 'n sosiale verskynsel. Dit is veral in die Suid-Afrikaanse konteks nodig, waar dit 'n bydrae kan lewer tot die uitbreiding en vestiging van 'n plaaslik-gegronde Suid-Afrikaanse vertaalteorie.

## **Bibliografie**

Bakhtin, M. 1981. *The dialogic imagination*. Austin: University of Texas Press.

Bangstad, S. 2007. *ISIM Dissertations: Global flows, local appropriations: Facets of secularisation and re-Islamization among contemporary Cape Muslims*. Amsterdam: Amsterdam University Press.

Benedix, R. 1913. *Dokter Wespe: blyspel in vyf bedrywe, uit de Duits van Roderich Benedix; vry oorgewerk in Afrikaans*. Vertaal deur D.G. Conradie. Stellenbosch: Afrikaanse Nasionale Pers.

Beukes, A.-M. 2007a. Governmentality and the good offices of translation in 20th Century South Africa. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, (25)2:115–30.

—. 2007b. On language heroes and the modernising movement of Afrikaner nationalism. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 25(3):245–58.

Bond, P. 2014. *Elite transition*. Londen: Pluto Press.

Dangor, S.E. 2008. Arabic-Afrikaans literature at the Cape. *Tydskrif vir Letterkunde*, 45(1):123–32.

Davids, A. 1991. The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815–1915: A socio-linguistic study. Meestersverhandeling, Universiteit van Natal.

Evans, N. en M. Seeber (reds.). 2000. *The politics of publishing in South Africa*. Londen: Holger Ehling Publishing Ltd. / Scottsville: University of Natal Press.

Gambier, Y. en L. van Doorslaer (reds.). 2012. *Handbook of translation studies* (Volume 3). Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.

Haron, M. 2001. The making, preservation and study of South African Ajami mss and texts. *Sudanic Africa*, 12:1–14.

Hermans, T. 2007. *The conference of the tongues*. Manchester: Saint Jerome.

Hobsbawm, E. 1994. The rise of ethnolinguistic nationalism. In Hutchinson en Smith (reds.) 1994.

Hutchinson, J. en A.D. Smith (reds.). 1994. *Nationalism*. Oxford: Oxford University Press.

Index Translationum. 2013. <http://www.unesco.org/xtrans> (21 September 2017 geraadpleeg).

Khalema, N.E. 2016. Linguicism and nationalism: A post-colonial gaze on the promotion of Afrikaans as a national language in apartheid South Africa. *International Journal of Language Studies*, 10(1):91–110.

Kleyn, L. 2013. 'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaans literatuur van die tydperk 2000–2009: Kanoniserings van die Afrikaanse literatuur. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Kleyn, L. en M. Snyman. 2010. “Haai, Jaco Jacobs! Wanneer skryf jy 'n regte boek?” 'n Bestekopname van kinder- en jeugboeke (1999–2009). *Mousaion*, 28(2):26–49.

Kruger, A. 2012. Translation, self-translation and apartheid-imposed conflict. *Journal of Language and Politics*, 11(2):273–92.

Kruger, J.-L., H. Kruger en M. Verhoef. 2007. Subtitling and the promotion of multilingualism: The case of marginalised languages in South Africa. *Linguistica Antverpiensia, New Series – Themes in Translation Studies*, 6:35–49.

Kymlicka, W. en A. Patten (reds.). 2003. *Language rights and political theory*. Oxford: Oxford University Press.

- Loimeier, R. 2013. *Muslim societies in Africa: A historical anthropology*. Bloomington, Indianapolis: Indiana University Press.
- Luhmann, N. 1995. *Social systems*. Stanford: Stanford University Press.
- . 2012. *Theory of society* (Volume 1). Stanford: Stanford University Press.
- Maake, N. 2000. Publishing and perishing: Books, people and reading in African languages in South Africa. In Evans en Seeber (reds.) 2000.
- May, S. 2003. Misconceiving minority language rights: Implications for liberal political theory. In Kymlicka en Patten (reds.) 2003.
- Mendelssohn, S. 1979. *A South African bibliography to the year 1925*. Londen: Mansell.
- Möller, J. 2014. Multilingual publishing: An investigation into access to trade books through the eleven official languages in South Africa. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Mwepu, D.N. 2008. Government's contribution to the development of translation in South Africa (1910–1977). *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 26(1):87–96.
- Myers-Scotton, C. 1993. *Social motivations for code-switching: Evidence from Africa*. Gloucestershire: Clarendon Press.
- Nienaber, G.S. en P.J. Nienaber. 1943. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal*. Pretoria: Van Schaik.
- Picard, L. 1909. *Die neef als oom: oergeset in Afrikaans*. Vertaal deur D.G. Conradie, Kaapstad: Van de Sandt de Villiers.
- Pym, A. 2014. *Method in translation history*. Londen, New York: Routledge.
- Retief, K. 1993. Koran se boodskap maklik in Afrikaans oorgedra. *Die Burger*, 9 Maart, bl. 6.
- Salevksy, H. en I. Müller. 2011. *Translation as systemic interaction: A new perspective and a new methodology*. Berlyn: Frank & Timme.
- Segre, S. 2014. *Contemporary sociological thinkers and theories*. Farnham: Ashgate.
- Seidl, D. 2004. *Luhmann's theory of autopoietic social systems. Munich Business Research 2*. München: Ludwig Maximillians-universiteit.
- Teer-Tomaselli, R. 2015. Language, programming and propaganda during the SABC's first decade. *African Journalism Studies*, 36(2):59–76.
- T'Sjoen, Y. 2013. Beloken blikvelden in de Lage Landen: Eenentwintigste-eeuwse receptie van Nederlandse vertalingen van Afrikaanse poëzie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(1):16–35.
-

Tyulenev, S. 2009. Why (not) Luhmann? On the applicability of social systems theory to translation studies. *Translation Studies*, 2(2):147–62.

—. 2012a. *Social systems and translation*. In Gambier en Van Doorslaer 2012.

—. 2012b. *Translation and the westernisation of eighteenth-century Russia: A social-systematic perspective*. Berlyn: Frank & Timme.

—. 2014. Translation as a social fact. *The Journal of the American Translation & Interpreting Studies Association*, 9(2):179–96.

Van Maurik, J. 1908. *Fyne beskuite: 'n blyspel in vyf bedrywe*. Vertaal deur D.G. Conradie. Kaapstad: Van de Sandt de Villiers.

Van Selms, A. 1951. *Arabies-Afrikaansche studies – 'n tweetalige (Arabies en Afrikaanse) kategismus*. Leiden: N.V. Noord Hollandsche Uitgewers.

Vosloo, F.A. 2010. *Om te skryf deur te vertaal en te vertaal deur te skryf: Antjie Krog as skrywer/vertaler*. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Wolf, M. 2007. Introduction: The emergence of a sociology of translation. In Wolf en Fukari (reds.) 2007.

Wolf, M. en A. Fukari (reds.). 2007. *Constructing a sociology of translation*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Die ander stelsels in TSS is nie van belang in hierdie artikel nie.

<sup>2</sup> Ek neem kennis van die feit dat navorsers in die vertaalkunde, soos Kobus Marais, juis die teenoorgestelde metodologie voorskryf, naamlik een wat kompleksiteit omhels. Hier verwys ek na “tradisionele” stelselteoretiese benaderings eerder as ontluikende benaderings en neem die gevestigde roete, maar kompleksiteitsteorieë bied 'n interessante invalshoek wat in toekomstige navorsing oorweeg sal word.

<sup>3</sup> Die term *Bantoetale* word in hierdie geval gebruik om die taalfamilie aan te dui en nie op die neerhalende manier waarop *Bantoe* geskiedkundig gebruik is nie. Die term word bo *Afrikatale* verkies omdat ook Afrikaans en die Khoisantale as Afrikatale beskou word, maar daar behoefte aan 'n onderskeid bestaan. *Bantoe* word verder bo die term *Sintoe* verkies omdat dit meer algemeen in verband met die Suid-Afrikaanse tale gebruik word. Omdat die artikel nie spesifiek taalkundig is nie, word 'n algemene term met ander woorde bo 'n taalkundige term verkies.

<sup>4</sup> Radioverbonde vertaalaktiwiteit word ook onder die kategorie van geskrewe vertalings bespreek omdat hulle op geskrewe tekste staatmaak, al word hulle nie as sulks voorgestel nie.

In hierdie verband verskil hulle van vertolkte diskoers, wat nie in die artikel bespreek word nie.

<sup>5</sup> Daar was natuurlik talle moedertaalsprekers van Engels en Afrikaans wat nie wit was nie, veral as die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap in ag geneem word, maar veral Afrikaans se verbinding met “anderskleuriges” is nie beklemtoon nie, soos daar reeds genoem is.

<sup>6</sup> Swart skrywers en wit Engelssprekende skrywers was ook deel van hierdie beweging en dit was geensins beperk tot Afrikaanse skrywers nie, hoewel Afrikaanse skrywers ’n beduidende bydrae gelewer het.